

en in 1826 het hy al die vraag geopper of die tyd nie reeds daar was om „eene algemeene geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, niet uit losse geruchten of partiale beschrijvingen van doortrekkende Reizigers, ¹⁾ maar uit de oorspronkelyke Archieven des lands opgemaakt, behoorde beschreven te worden, eer de kennis van de oudste manier van schrijven in publieke documenten, die reeds merkbaar begint af te nemen, geheel zal zijn verloren gegaan.” Hij gee 'n gegronde rede op vir die bestudering van die Vaderlandse geskiedenis, wat ons politisie en regeerders kan ter harte neem: „althans men zoude bezwaarlijk heden ten dage, in de meeste verlichte en beschaafdste deelen van Europa, een enkel voorbeeld weten aan te wijzen, dat iemand, in meer of minder gewigtige betrekkingen, had ondernomen een land van die uitgestrektheid en dat belang als deze Volksplanting nu reeds is geworden, en bovenal van zulk een zeldzaam te zamen gestelde bevolking, te regeeren en bestieren, zonder deszelfs *algemeene geschiedenis* te kennen; en door dezen fakkel voorgelicht, het aannemelyke of onaannemelyke, het bruikbare of onbruikbare, het nuttige en schadelijke van deszelfs oude en nieuwe wetten en inrigtingen, met al derzelfer waarschyjnlike gevolgen, voor de toekomst te kunnen beoordeelen.” ²⁾

Hierop het die redakteur in 'n noot geantwoord, dat die weleerwaarde heer, wat reeds die oorkonde van Stellenbosch opgespoor het en met soveel noukeurigheid aan die publiek meegedeel het, die geskikste persoon was om hom aan die taak te wy; hul nooi hom daartoe uit en hoop, dat hy vir die onderneming die nodige krag sou vind „waardoor ons niet alleen, maar ook denakomelingschap een' wezenlijken dienst zal worden bewezen.” Gevolglik het hy van 1828 af stof begin versamel uit die argief van die kolonie vir die *Algemeene geschiedenis*. Op die Koloniale Sekretarie het hy die nodige materiaal gesorteer, verlof gekry om dit na Stellenbosch mee te neem,

¹⁾ In sy skets *De Merkwaardige Grot*, *Ned. Z. A. Tijds.* Deel I p. 183, 184 verdedig hy die koloniste teen die verslae van die reisigers waarvoor hy in 'n noot deur die Redakteur, ds. A. FAURE, op die vingers getik word.

²⁾ *Ned. Z. A. Tijds.* Deel III p. 211.

„ontstofte het reeds verouderde kled van den Grondlegger der kolonie, den verdienstelijken VAN RIEBEEK, en hij onttok der vergetelheid ten minste de eerste jare (van 1652 tot 1673).”¹⁾ Die eerste hoofstuk van die tweede boek beginnende met die jaar 1662, waarin hy VAN RIEBEECK se *Instructiën en Memoriën* aan sy opvolger ZACHARIAS WAGENAAR behandel, het in die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* van 1826 verskyn onder die titel *Algemeene geschiedenis der Europeesche volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop*.²⁾ Die res van die geskiedenis het waarskynlik in die pen gebly.

Die tydskrif het 'n groot skat van boustowwe vir 'n algemene geskiedenis bekend gemaak soos die *Dagverhaal van den Wel-Ed. Heer Jan van Riebeeck, eersten Gouverneur van de Kaap de Goede Hoop*,³⁾ die *Bijdragen tot de Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*⁴⁾, wat „Africanus” gehoop het, sou „van eenigen dienst zijn voor den Geschiedschrijver, die ondernemen mogt eene algemeene Geschiedenis dezer Volksplanting in het licht te geven,”⁵⁾ die *Beschouwing over de Veeveelt, Landbouw, Handel en Finantie, van de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, in 1805, door wijlen den Wel-Ed. Hr. W. S. van Rijneveld, in leven President van den Raad van Justitie alhier*⁶⁾ om maar enkele te noem. Die belangstelling was daar, die eerste spitwerk gedoen deur hierdie geslag, wat nog in Holland opgevoed was, hul seuns daarheen gestuur het en deur hul tydskriflektuur in nou kontak met die vastelandse strominge gebly het.

Die klein groepie Hollandse *elite* het aanvanklik 'n gelywaardigheidsgevoel met die Engelse gehad, vrymoedig die Hollandse kultuur naas dié van die vreemde heerser gestel. Hul seuns kom terug uit Leiden en Utrecht, die middelpunte

¹⁾ In *Kort Levensberigt* p. 49 verklaar P. B. BORCHERDS, dat 'n gedeelte daarvan „verkort gedrukt is in *The South African Journal* van 1830.”

²⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Deel V p. 347—354.

³⁾ Sien p. 5.

⁴⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 23, 197, 296, 364, 443.

⁵⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 373.

⁶⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. VIII p. 34, 112, 196, 287, 374, 445. Dl. IX p. 100, 193, 279, 366, Dl. X p. 13, 105, 220, 297.

van geleerdheid en wetenskap, en van buite af word die Hollandse kultuur versterk deur die koms van nuwe kragte. So het uit die familiekring van BORCHERDS, JOHANNES DE WET, vader van mevr. KOOPMANS—DE WET, in 1817 in die regte gaan studeer en hom 'n paar jaar later (1823) as advokaat in Kaapstad gevestig. Onmiddellik begin hy stof versamel vir sy nagelate manuskrip: *Beknopte Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop, sedert de stichting der Volksplanting in 1652 tot 1804.*¹⁾ Hoe noukeurig wetenskaplik die Afrikaner leer ondersoek het in Holland, blyk uit die feit, dat advokaat DE WET uitsluitend uit die beskrywings in Kaapse argiefstukke 'n plan van Kaapstad teen die end van die sewentiende eeu kon opstel, waarin byna geen afwyking was met dié, wat op las van SIMON VAN DER STEL opgetrek is en wat DE WET nooit gesien het nie.²⁾ Minder noukeurig was die werk van die skoolmeester van die Evangeliese Lutherse Skool aan die Kaap, J. SUASSO DE LIMA, wat reeds in 1824 'n *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop* aangekondig het. Die volgende jaar verskyn die geskiedenisboekie, bedoel vir skoolgebruik in Suid-Afrika.³⁾ Onnodig skerp het die tydskrif hom daarvoor uitgelaat as 'n „kreupel geschrijf... beneden alle critiek”⁴⁾ heel waarskynlik, omdat hul die skrywer nog te partydig vir lord CHARLES SOMERSET beskou het.⁵⁾ Volkome waar is dit, dat die groot Afrikaanse geskiedskrywer nog op hom laat wag het, maar dit het gelyk asof hy met ds. BORCHERDS digteby was en spoedig sy verskyning sou maak.

Toe kom die bedrywigheid van die negrofiele. Dr. PHILIP se *Researches in South Africa* (1828)⁶⁾ het tot gevolg gehad 'n komitee van ondersoek van die „House of Commons” in

¹⁾ Jare later vir die pers klaar gemaak deur dr. J. J. KOTZÉ en uitgegee by J. C. JUTA & KIE. 1888. Die „Voorrede” bevat 'n kort lewensskets.

²⁾ Vgl. THEAL: *Chronicles of Cape Commanders*, 1882, Preface IV.

³⁾ By Bridekirk, Kaapstad 1825. Sien verderop.

⁴⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. II p. 438. Sien verderop.

⁵⁾ Vgl. THEAL: *History of S.A. 1795—1854*. THEAL sê die boekie „was prepared to suit the views of Lord CHARLES SOMERSET.”

⁶⁾ In twee dele, by JAMES DUCAN, Londen, 1828.

1835 en die aanstelling as Suidafrikaanse geskiedskrywer van 'n Engelse see-offisier, DONALD MOODIE, wat nog eers die taal moes gaan leer om „the enigmatically written quaint old Dutch documents” te ontsyfer en daarmee Engeland in die oë van die wêreld te rehabiliteer. ¹⁾ Die *Tijdschrift* het sy Dietse stem teen die *Researches* laat hoor, ²⁾ maar die stem het algaande swakker geword en uiteindelik geswyg.

Ons het gekom by die groot insinking van die belangstelling in die nasionale verlede, veroorsaak deur die onderdrukking van die taal en die verengelsingspolitiek van die owerheid, wat so skrikbarend toeneem in die veertiger, vyftiger jare, dat daar van Afrikaanse geskiedskrywing uit Afrikanerstandpunt geen sprake meer is nie. Voor die sintetiese samevatting, die uitgebreide beskrywing berustende op manuskripbronne, kon kom, moes heel wat voorbereidende werk gedoen word en daarin het ds. BORCHERDS 'n loflike voorbeeld gegee, maar van die grootste betekenis is dit, dat sy hart op die regte plek was. Hy beperk die materiaal na sy Hollandse aard, kom op teen die beskuldiging van die reisbeskrywers, bekyk die geskiedenis uit 'n nasionale oogpunt. 'n Argief het 'n eeu gelede nie bestaan nie. ³⁾ Die dokumente was in 'n gaos en hy het desnietemin geen tyd of moeite gespaar om hul te sorteer en te verwerk nie. Hy het gebruik gemaak van drukwerke in die vorm van reisbeskrywings soos b.v. dié van PETER KOLBE: *Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop* vir sy beskrywing van Stellenbosch, op sy eie geheue vertrou en by ander geïnformeer, maar daarnaas tog ook insae gehad in en geput uit die outentieke stukke vir die land se geskiedenis. Hy gee 'n menigte onbelangrike voorvalletjies, dwaal maar al te dikwels af, maar die feite en die kronologie is by hom nooit in die war soos by DE LIMA nie. Beter nog

¹⁾ Vgl. I. D. BOSMAN: *George McCall Theal* p. 2.

²⁾ *Ned Z.A. Tijds.* Dl. VII p. 218, 373.

³⁾ Vgl. I. D. BOSMAN: *G. McC. Theal* p. 1. *Oor die Kaapse Argiefwese*, vgl. C. GRAHAM BOTHA: a) *Brief Guide to the Various Classes of Documents* (1652—1806) in the Cape Archives. Cape Town, 1918. b) *Report of a visit to various Archives Centres*. Cape Town 1921. c) *Die Openbare Argiewe van Suid-Afrika* (1652—1910). Kaapstad 1928.

as daardie skoolmeester het hy geweet om verband te bring tussen die Kaapse en die Europese geskiedenis, tussen die hede en die verlede in sy historiese geskrifte vir sover sy werk gaan. Die verband het hy met 'n sprekende beeld verduidelik in die historiese verhaal: *De Merkwaaardige Grot*¹⁾ waar hy na aanleiding van die lot van NAPOLEON die vergelyking maak: „Gelyk de uitbarsting van eenen vulkaan niet alleen alles, wat in deszelfs omtrek ligt, aandoet maar ook zelfs ver afgelegene landstreken, zoo kon ook deze uithoek, door deszelfs betrekking op Europa in het algemeen, en deszelfs moederland in het bijzonder, niet onaangedaan blijven.”

Die vaderlandse geskiedskrywer het ook historiese verhale geskryf, waarin die kunstenaar meer tot sy reg gekom het.

4. ANDER PROSA EN POËSIE VAN MEENT BORCHERDS.

In *De Merkwaaardige Grot* besig hy die outobiografiese vorm en sonder om sy bron te noem, vertel hy van vroeë besoeke aan die Druipkelders, die natuurwonder digby Kaap Agulhas, Warmebad (Caledon), waar die volstruise en zebras en uitgehongerde Hottentotte rondgeswerwe het,²⁾ om ná 'n kwart eeu by 'n tweede besoek van die reisiger in 'n plek van beskawing omgetower te word, waar godsdiensoefeninge op Genadendal tot die sedelike opheffing van die heidene strek. Die grot, wat getuie is van die veranderinge, bly 'n monument van Gods grootheid en onveranderlikheid en bied hom die geleentheid tot bespieëling en vermaning oor die onsekerheid van die menslike vooruitsigte en die ydelheid van die hoop, wat daarop gegrond is. Vir hom het die Kuns middel gebly, middel tot nadere gemeenskap met God, tot stigting, lering en opheffing van andere; eers daarna kon dit ook dien om lug te gee aan wat sy hart ontroer, aan eie innerlike geluk of smart.

Die tendensroman van FÉNELON, *Telemachus* in die vertaling in versvorm van SIJBRAND FEITAMA (1733) — „dat

¹⁾ *Ned. Z.A. Tijdsch.* Dl. I p. 180, 260, 348.

²⁾ Sy bronne is die reisjurnale in die Kaapse argief, van Commissaris CNOLL en WILLEM VAN PUTTEN 1710. VAN RIEBEECK Society 1924.

voortreffelijk werk, welker lezing men onze jeugd niet genoeg kan aanprijzen" ¹⁾, het vir hom die model gebly. 'n Enkele Hoogduitse bundel verse soos *De Christen bij de Grave* (1753) uit ongeveer dieselfde periode as die FÉNELON-vertaling van FEITAMA, het hom so geïnspireer deur die leersame en nuttige beskouinge wat dit bevat dat hy stukke daaruit in rymlose verse vertaal het, onder die titel: *Troostgronden voor stervende Christenen*. ²⁾ In hierdie werk, wat berus op 'n verhoog van 'n Engelse *Spectatoriale* geskrif, moes hy vertroosting gevind het in sy huislike verdriet en 'n behoedmiddel teen naargeestigheid en swaarmoedigheid, wat gedreig het om hom ter neer te druk. *Lucretia's bede om een' Echtgenoot* ³⁾ van dieselfde jaar (1826) is vol van die bekommernis, wat sy vaderhart vervul. LUCRETIA smee om 'n eerlike, wyse, deugsame minnaar; 'n vleier, losbol, godsdienspotter, luiard, vrek, verkwister, dwaas, wil sy nie hê nie; ook „geen Domoor zonder hoofd,

Geen trage botmuil, die, van wetenschap beroofd,
Mij niets dat nuttig is, of goed zou kunnen leeren,
Noch mij, noch 't huisgezin, verstandiglijk regeeren."

Wat haar afgeskrik het is die mislukte huwelike van bekoorlike vriendinne,

„Gestreed door laf gevele, lichtvaardig los van zinnen,
Ontbloot van Godsdienst, in deez' zedellozen tijd
Tot niets dan spel en dans, verstandloos opgeleid."

Dit is die vaderlike angs oor die ligsinnige gedrag van sy dogter, wat hier geobjektiveer word in 'n glad berymde klassisistiese gedig. Ontroerend sal daardie besorgheid gaan tril in *Een Levensreis*, ⁴⁾ 'n leerdig, wat soos die *Telemachus* van FEITAMA die air het van 'n epos, maar in werklikheid deur en deur subjektief is.

Ons het die versekering van PETRUS BORCHERDS dat die stukke, wat in die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*

¹⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 263.

²⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 93.

³⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 148.

⁴⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 337, 418; Dl. IV p. 22.

onder die letters E. D. P. gedruk is, uit die pen van sy vader gevloei het en dat hulle kenmerkend is „van zijn verstand en hart en den ijver welken hij bezat om het algemeen van nut te zijn.”¹⁾ Die tydskrif sou stukke oor onderwerpe van allerlei aard geredelik opneem, soos die geskiedenis van die kolonie, die teenwoordige staat van die land en ander lande, veral Engeland, nuwe ontdekkings op die gebied van die wetenskap, „met mengelskriften over letterkundige, wetenskaplike, en vooral *Godsdienstige* onderwerpen.”²⁾ Dit open dan ook met *Overdenkingen* van E. D. P. *A Jove principium. Aan God*, waarop hy onmiddellik ’n beroep op sy medeburgers laat volg om geen tyd, moeite nog bydrage te ontsien nie, „en denkt *Nil arduum volentibus*, dat is, *Niets is bij eene goede wil onmogelijk.*”³⁾ Die Hollandse diggenootskap, in 1669 onder hierdie spreuk opgerig deur die Cartesiaan LODEWIJK MEYER, het die Frans-klassieke rigting teenoor die Romantiese gehandhaaf. Hulle het hul nie enkel tot die letterkundige bepaal nie, maar die lede het ook wetenskaplike en wysgerige voordragte gehou, soos dié van MEYER oor „de natuur der goedheid en quaadheid der dingen.” Hul denkbilde oor reëls het hulle neergelê in *Horatius’ Dichtkunst op onze tijden en zeden gepast* (1677) en in die berymde *Gebruik en misbruik des tooneels* van PELS.⁴⁾ Gladheid en soetvloeiendheid was hul ideaal en bly dit dwars deur die agtiende eeu vir die verteenwoordigers van die Fransklassisisme, daar sowel as hier, en hier nog tot in die tweede kwart van die volgende eeu.

Behalwe in *De Maan* sien ons hierdie kenmerke duidelik in ’n tweede leerdig van E. D. P. nl. *Een Levensreis*⁵⁾ (1826). Dit is veel korter en minder pretensieus dan sy eerste, lang klassisistiese gedig, bestaan uit drie stukke, waarin die suigingsperiode, die jeug en ryper leeftyd van die mens agter-

¹⁾ *Kort Levensberigt* p. 49.

²⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Programma, Dl. I.

³⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* p. 7.

⁴⁾ Vgl. G. A. KRONENBERG: *Nil Volentibus Arduum*, Deventer 1875.

G. PRINSEN: *Handboek*, p. 384.

⁵⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 337, 418; Dl. IV 22, 112.

eenvolgens behandel word, maar is van ewe veel betekenis vir ons kennis van sy digterspersoonlikheid. Vir die gelowige ds. BORCHERDS is dit Jehovah, wat „'t begin en 't eind der reis voor elken kring en stand” ontwerp, en dit pas die digter om op gevorderde leeftyd sy reis te herdenk en daardeur die nageslag te leer „hoe best de Levensreis kan worden doorgebracht.” In 'n klassisistiese leerdig moet ons geen praktiese wenke verwag nie, nog minder 'n gevoelvolle ontboeseming en hier word ons dan ook half aan slaap gerym oor die grysaard, wat eers 'n kind was, die „duizende van kwalen” waaraan moeder en kind bloot staan, vir die noodsaaklikheid waarvan die wysgeer geen rede kan opgee nie, totdat hulle na die graf gevoer word,

„Waar oud en jong, en rijk' en arme, saamenkomen,
De meester en zijn slaaf, de vorst en onderdaan
Hetzelfde lot aan 't eind der reis eens ondergaan.”

In die tweede stuk kom die jeug „'t beste tydperk aan de sterveling gegeven,” aan die beurt. Die leerdigter maan, dat die lewe 'n droom is, die dood ieder uur wenk. As waarskuwing teen die ligsinnigheid, wat na die verderf voer en die verleiding waaraan die jeug blootstaan, vertel hy van die vreeslike dood „door walgelyk gift verteerd” van sy vriend ORESTES, wat die „vreedzaam stille land” verlaat om hom in die stad in die wetenskappe te bekwaam, daar deur sinsgenot verteer word en in 'n vroeë graf daal. Nog treuriger was die lot van AMALIA, aan wie die jeugdige vriendinne hul moet spieël. Uit hierdie gedeelte spreek opregte diepgevoelde leed; hy kreun in sy vadersmart oor die „pronkjuweel der maagden”, wat deur haar moeder vertroetel en verwen word tot hulle albei „wars van 's vaders raad,” die oorsaak word van die diepste ellende tuis. ¹⁾ Die ligsinnige vrolike, lughartige AMALIA word verlei, die bedrieër weet om ook die vader 'n rad voor oë te draai, lê 'n duisend ede af en verdwyn spoorloos na 'n tydjie, om uit 'n nuusblad te verneem, dat sy slagoffer na die graf gedra is:

¹⁾ Hierdie gedeelte het waarskynlik outobiografiese betekenis.

„En dat de brave man, die haar het aanzijn gaf,
Ter zelfder tijd met haar was neergezet in 't graf.
Hij had door hartzeer, zij, door schaamt' en spijt, het leven
verloren.”

Die „onverlaat” word so geplae deur sy gewete en die angsgedagte, dat „een wreker van het kwaad, verwoed hem dood zal slaan,” dat hy sy hand aan sy eie lewe lê.

As die leser maar eers gewend is aan die tipies agtiende-eeuse, verouderde beeldspraak en uitdrukkinge soos „onverlaat,” „in loogestelde netten”, „levensbeek”, „meer der eeuwigheid”, sal hy die ontroering voel klop in hierdie stuk van *De Levensreis*. Die digter is 'n egte *laudator temporis acti*, die sedemeester, wat sy leser nie die moraal self kan laat trek nie. Waar hy terugkyk op sy eie jeug, toe onmatigheid en „al wat niet betaamt” geweer is, niemand buiten die spoor van eer en deug getrap het nie, is hij hinderlik pedant.

In die laaste stuk, 'n soort heldedig, word die ryper leeftyd van 'n held besing. Dit was die hoogste ideaal van die agtiende-eeue om 'n heldedig of 'n ode te skrywe. ARNOLD HOOGVLIET se *Abraham de Aartsvader* (1727), met sy Vondeliaanse naklank, so beroemd by die tydgenote, het ongetwyfeld op die boerakke van die Stellenbosse pastorie 'n plek gevind. Die mode-poësie van BILDERDIJK het stellig begin ingang vind. Ds. BORCHERDS, die Oranjeman, kies WELLINGTON en sy kwekeling „Oranje's edle spruit” vir voorbeelde van helde van Mars, maar haas hom om op die skaar van helde van Minerva te wys:

Aan de vlijt der wijzen heeft
De gansche maatschappij veelvuldige verplichting:
Aan haar is 't Christendom zijn hoogere verlichting,
Beschaving, veiligheid, verbetering en al
Den voorrang schuldig, die men ras beseffen zal,
Wanneer w' ons lot, met dat der Wilden en Barbaren
Slechts vergelijken.”

Teen 1826 word hy erken as „Vader Bocherds”, wat nie alleen sy eie gemeente, maar die hele beskaafde gemeenskap aan die Kaap voorgelig het deur woord en geskrif. In 1824 het hy opgetree as scriba van die eerste algemene vergadering

van die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk en daarna ywerig werksaam gewees aan die opstel van die grondwette, waarop die Kerk voortaan sou berus, waaruit sy belangrike *Herderlijke Brief* voortgevloei het, sowel as sy preek *Over de Tolerantie of Verdraagsaamheid*.¹⁾ Hy verseker die gemeentelede en die lesers van die *Tijdschrift*, dat verdraagsaamheid in die godsdienst nie identies met onverskilligheid is nie. Die scriba het die grootste angs gehad vir wat daar sou volg op louheid teenoor, of spot met die godsdienst, soos nogmaals blyk uit die anekdotes van 'n Engelsman, 'n Duitser, 'n Fransman — „Voltaire dat wonder van vernuft, helaas! Zoo droevig misbruikt” — in *Spotzucht Bestraft*.²⁾ Hij was ortodoks in die hoogste graad en het geen verskil tussen Hollandse en Skotse ortodoksie gevoel nie. Daarom het die Scriba geen gevaar gesien in die voorstel op die Sinode van 1824, om die Hollandse kerk met die Skotse te verbroeder en onder Skotse beskerming te stel nie.³⁾

Die vrome leraar het nooit 'n plekkie in sy geskryfte vir 'n vrolike vertelling nie. Sy berymde fabel, *De Vos en de Ezel*⁴⁾ met die slotgeestigheid van die esel:

„Ik heb toch geen gekheid ooit begaan,
Hoe zou 'k dan een *genie* of *geestig* kunnen wezen?”

is soos 'n klein oase in die ernstige lektuur van die tydskrif, waarin die totale afwesigheid van humor so opvallend is, maar ook daar is die eerste begeerte om 'n wyse les te leer in die trant van AËSOPUS, nie om 'n grap te maak nie.

Meer as veertig jaar lank is hy en sy gemeente veilig gelei in die „woestyn,” soos hy dit by die viering van sy veertigjarige predikdiens op 22 Oktober 1826 verduidelik het.⁵⁾ Die Kerk het vir hom nommer een gebly en in sy geskiedkundige

¹⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. II p. 26.

²⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. I p. 123.

³⁾ Vgl. *Handelingen der Eerste Vergadering van de Algemeene Synode der Ned. Herv. Kerk van Z.A.* p. 18—19. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. van de Ned. Herv. Kerk* I p. 12.

⁴⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 150.

⁵⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. III p. 395.

navorsing en geskifte van literêre aard het hy haar geskiedenis en betekenis nooit vergeet nie. By die hoofstuk uit *De Beschrijving van Stellenbosch* in 1829 het hy twee korter stukkie geplaas: *Republikeinsche Geest der Hollanders, aan de Kaap de Goede Hoop in het jaar 1677* ¹⁾ en *Dood en Begraffenis van den predikant der Kaapsche Gemeente, Petrus Hulsenaer*, albei uit die *Dagverhaal* getrek. ²⁾ Laasgenoemde bevat 'n interessante mededeling uit die geskiedenis van die Kaapse Kerk.

'n Kort mededeling in die ou manuskripbronne kon sy speursin gaande gemaak het. So het hy in die Resolusieboeke van die Heemrade van Stellenbosch die naamtekening van BAREND BORCHERDS, in 1700 heemraad en kapitein van die burgery, gevind. Dit het hom op die gedagte gebring dat dit sy vermiste oom kon wees, wat deur „sielverkopers” ³⁾ aan boord van 'n Oos-Indiese skip gebring is en het sy belangstelling in die lotgevalle van die familie BORCHERDS aangevuur. Op aanmoediging van sy kinders het hy van 1812 af 'n familieregister gehou, vir intiemer kring bedoel. Op feesdae word daaruit voorgelees vir die kinders, soos op die laaste verjaardag van sy vrou, Desember 1830, en in die *Memoir* haal die seun dikwels in Engelse vertalings daaruit aan. ⁴⁾ PETRUS vertel:

„One of my father's last writings was a description of a flood in 1775, in his birthplace, and details of the ransom, exacted by the French in East Fricia, whereby his parents had suffered considerably.”

Waar die handskrif van die *Register* is, word nie vermeld nie, ⁵⁾ maar toe in 1858 *De Maan* herdruk word, het dieselfde skrywer van die *Memoir* daar 'n kort lewensberig, gelukkig in Hollands gestel, voor geskrywe, waarin 'n paar uitvoerige aan-

¹⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. VI p. 435.

²⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. VI p. 436.

³⁾ Vgl. *Kort Levens Berigt* p. 56. GODÉE—MOLSBERGEN: *Tijdens de O.I. Companje* oor „sielverkopers.”

⁴⁾ O.a. *Memoir* p. 171.

⁵⁾ Enige inligting sal welkom wees.

halings uit die *Familieregister* opgeneem is o.a. oor sy ouerlike huis. Die bron van inspirasie vir ds. BORCHERDS se beskrywing van die brand, wat hul huis in Friesland verwoes het, blyk te wees sy blywende liefde tot sy ouerhuis, tot sy „bejaarde, geliefde en brave moeder”, tot sy geboorteland, wat hy telkens met eerbied herdenk. Die prosa blink nie uit deur besondere vormskoonheid nie, maar eenvoudig en direk word ’n voorval vertel; daar sit spanning en klimaks in die verhaal van die brand. By die uitbreek van die eerste gevaar is die student se grootste besorgdheid sy „kleine biblioteek” en dit is hom ’n groot vertroosting om te konstateer, dat die boeke nie in vlamme opgegaan het nie. Veel later snel hy die moeder te hulp „op een bleekveld van een onzer burens.”

Breedvoerig word die lotgevalle en die aanwas van sy familie aan die Kaap in die register aangeteken, in syfers bereken hoeveel preke en katekesasies hy gehou het, hoeveel kinders gedoop en pare getrou, hoeveel kollektegeld ingesamel, watter „ontelbare weldaden” hy in sy aangenome vaderland ontvang het, waarvoor hy nooit versuim om sy Christelike dankbaarheid in die geykte gebedestyl van sy tyd te uit nie. Die natuurbeskrywing, wat hy gee van Friesland, waar die leeurik in die lente sy môregesang laat hoor en „de goudgele boterbloem van verre henen door het groene gras, de goudsbloem mede” hul koppe oplig, is natuurliker en gevoelvoller en daar is ’n tikkie heimwee in aanwesig. As hy die melkkoei hoor loei, word sy natuursiening sterk vermeng met nuttigheidsbegrippe, dit is „als of zij (die koei) verlangde, dat er maar iemand kwam om hare volle uijers te ontlasten van de vette en voedzame melk, die zich in den verledenen nacht in dezelve heeft opgehoopt.”

Hoe mooi ook al die natuurskoon van Stellenbosch, dit het sy jeugherinneringe van sy geboorteland in sy hoë ouderdom nooit uitgewis nie. Die dood van sy vrou in Oktober 1830 was vir hom ’n groot skok en van daardie oomblik af het alle genoeë en alle werk vir hom opgehou. Hy het sy emeritaat verkry, ’n pensioen ontvang en in Februarie 1832 is Vader BORCHERDS oorlede. By sy begrafnis het sy leerling,

sy „jonge Timotheus”, ABRAHAM FAURE ’n plegtige rede gehou. ¹⁾

Geen twee jaar voor sy dood het hy nog ’n lang gedig vervaardig: *Gedicht over de Volksplanting van de Kaap de Goede Hoop*, wat ná sy dood in die tydskrif gedruk is. ²⁾ Hierin vind ons bevestig wat meermale uit sy werk blyk, dat nie alleen ’n studie van die geskiedenis hom groot genot verskaf het en byna sy enigste werk in die laaste jare van sy lewe uitgemaak het nie, maar dat hy op gevorderde leeftyd nog ’n warm gevoel vir die skoonheid en vir die digkuns besit het. Die volksplanting sal hy besing:

„De Kaap de Goede Hoop, door DIAS ’t eerst ontdekt:
En haar bevolking is ’t, die mijnen zanglust wekt.”

Die oudste bewoners, die „Ottentoes” kom eerste aan die beurt. Byna alle sketse uit hulle lewe is ontleen aan KOLBE, b.v. die jagersbedrywe, die danse, die Maanfeeste: ³⁾

„Want naauwliks laat dat licht, des nachts, zijn volle stralen,
Van berg- of heuveltop, op dal en velden dalen,
Of hoor! daar rijst meteens, een oversterk geluid,
Van wild’ en woeste vreugd, ten heeschen gorgel uit.”

Die vrome digter laat op die tekening van die heidense fees volg:

„Gedankt zij God! die nachten zijn niet meer”.

Naas KOLBE is VALENTYN ’n bron vir hierdie gedig hoewel die vervaardiger tog waarsku teen hul „losse volksgeruchten” en in hoogheidsbesef van die kunstenaar, homself aanmoedig:

„Schrift, schik dan op ’t gelei van uw verbeeldingskracht,
Dien duistren Chaos, tot g’ uw Dichtwerk hebt volbragt.”

Breedvoerig word die dierelewe geskilder, die tier, die leeu, die renoster, die olifant word in al hul wreedheid besing,

¹⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. IX.

²⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. IX p. 296, 347.

³⁾ Vgl. Kolbe se beskrywing van die Maanfees Dl. I p. 494.

lewendig en aanskouelik die jag op hul gemaak deur die Hottentotte, die onderlinge rusies en tweegevegte van die inboorlinge geteken, soos KOLBE dit uiteengesit het.¹⁾ Dan trek hy die moraal wat in 'n agtiende-eeuse maatskappy sy betekenis gehad:

„O! mogt elk Christenvolk, veel meer dan zij verlicht,
En onderwezen in de kennis van zijn pligt,
De *afschuwelijkheid*, om door zijn wreede *tweegevechten*,
Zijn twisten en krakeel, bloeddorstig te beslechten,
Toch leeren inzien! en door deze schilderij,
Gevoelen, welk een kwaad in 't duelleeren zij!”

Soos KOLBE dit in prosa gegee het, het BORCHERDS die lotgevalle van die volkie, wat VAN RIEBEECK hier kom vind het, op rym verewig. Die *Gedicht over de Volksplanting* bevat:

„Wat mijn Zang-godin, deels door haar eigen kracht,
Deels ook door vreemde hulp, en 't licht haar toegebragt
Van vroeger schrijvers, zich heeft kunnen ondervinden.”

Ds. MEENT BORCHERDS was 'n gestudeerde, ontwikkelde, belese man, het daarby 'n digterlike gevoel, 'n literêre neiging, 'n historiese sin en 'n lewendige gees gehad. Die getuienis van sy seun kan die toets van ondersoek deurstaan, dat „he was an ardent lover of poetry and an amateur friend of the muses, and his pen often produced pieces of mental and moral worth; while as a colonial historian, he was meritorious and among the first.”²⁾

¹⁾ Vgl. *Kolbe* Dl. II p. 103, die plaat waarop 'n tweegeveg afgebeeld is.

²⁾ *Memoir* p. 9.

HOOFSTUK VII.

DIE EERSTE ROMAN IN BRIEWE IN UITING VAN DIE „SENTIMENTELE RIGTING”.

1. ENGELSE INVLOED WORD NIE BEKAMP DEUR DIE ORTODOKSE SKRYWER NIE.

Toe MEENT BORCHERDS in 1812 sy *Familieregister* op aandrang van sy kinders aanlê, omdat hy as paterfamilias van 'n groot Afrikaanse kroos dit as sy plig beskou het om iets vir die nageslag te bewaar, het hy tussen die name 'n oorspronklike digstukkie geplaas: ¹⁾

„Gelijk de baren van de zee, zoo rollen jaren en geslachten
Het eene voor, het andere na, voorbij en heen, eer wij 't
verwachten

Het voorgeslacht zonk weg in 't meer der Eeuwigheid;

Ons die nu leven is hetzelfde lot bereid,

En gij! mijn lieve nageslacht! zult eenmaal, op den vloed der
tijden

Ook na datzelfde grondloos meer uw levensstroom zien henen
glijden.

Maar in den jongsten dag herleven w' allen weer;

Dan is de tijd voorbij, dan heerscht de Dood niet meer

Och! mogt ik allen in Gods gunst u in dat tijdstip zien ont-
waken,

En tot des Hoogen Regters troon met mij blijmoedig zien
genaken;

Want wijl we allen eens gaan sterven, vroeg of spaê,

Beveel 'k u allen aan, en bid om zijn genaê.”

Die boodskap van die vers — die verganklikheid van die
indiwidu, die kontinuïteit van die familie (en daarmee van

¹⁾ P. B. BORCHERDS: *Kort Levens Bericht* p. 48.

die volk), is van ontroerende betekenis vir die nageslag. Maar die familie BORCHERDS het ná die dood van die Hollandse vader en reeds voor die tyd ook heeltetal met die stroom meegegaan, dit wil sê — hoe langer hoe meer Engels georiënteerd geraak. PETRUS, die leerling van dr. DOLLING, het dit tot 'n setel in die Hooggeregshof van die Kolonie gebring, so goed het hy aangeskrewe gestaan by die Engelse regering. In die loop van die jaar 1800 het hy verlof gekry om sy posisie as klerkie op die kantoor van die Sekretaris van Stellenbosch, JOHANNES WEGE, te verwissel met dié van joernaalhouer op die reis van PETRUS JOHANNES TRUTER, lid van die geregshof, wat deur die regering gelas was om handelsbetrekkinge met die Kafferstamme buite die grense te gaan aanknoop. Op die reis, wat van 1 Oktober 1801 tot 25 Januarie 1802 geduur het, het hy van dr. WILLIAM SOMERVILLE verder onderrig in Engels ontvang, terwyl die diere en inboorlinge hom van naby getoon is deur SAMUEL DANIEL, wat skitterende illustrasies van Suid-Afrikaanse diere- en inboorling-lewe gegee het in sy bekende werk, wat in Londen verskyn het.

Van toe-af dateer sy meteoriese opgang van die een gewigtige en verantwoordelike pos na die ander. Ander tye, ander tale. Die seun van 'n Hollandse geskiedskrywer-literator hou al in 1801 sy joernaal en skrywe sy *Memoir* later in die taal van die veroweraar.

Op die reis van TRUTER, SOMERVILLE, DANIEL en BORCHERDS, het hulle ds. J. J. KICHERER,¹⁾ die verloofde van CATHARINA ALEGONDA VAN LIER, so 'n romantiese figuur soos JOHANNES in die wildernis, onder die Hottentotte en Boesmans by die Sakrivier aangetref.²⁾ Die band met die classis Amsterdam, wat die predikante uitgestuur het, was verbreek, sonder dat daar iets in die plek gekom het. Via die Londense Sendinggenootskap het die twee Hollanders KICHERER en VAN DER KEMP, die land in 1799 binne gekom, en nie vrede nie maar die swaard gebring. Hulle is geesdriftig deur die Hollandse

¹⁾ Vir sy lewensloop, betekenis as sendeling en skrywer, vgl. A. DREYER: *Hist. Album, Ned. Gerej. Kerk in voce Kicherer*. J. DU PLESSIS: *Hist. of S.A. Missions. I. Colvin* Introduction p. LVIII.

²⁾ Vgl. BORCHERDS *Memoir* p. 71, 94, 121—2.

sendelingvriende hier ontvang, na hul „stasies” weggehelp, maar vir hul werk en geskrifte was hul verantwoordelik aan die Londense genootskap, wat hul uitgestuur het. Gebore Hollanders lewer dus Engelse bydraes tot ons sendingliteratuur. Die infame „*Researches*” van VAN DER KEMP (1828) sowel as die romantiese *Narrative of his mission to the Hottentots and Bushmen* (1804)¹⁾ van die „amiable Mr. KICHERER” wat sy leerlinge KEES en RUYTER „tolerably conversant with the Dutch Language”²⁾ gemaak het, sodat hulle as tolke vir die reisgeselskap van BORCHERDS kon dien, behoort nie tot die Dietse geskrifte nie. Die sendelingvriende VAN LIER in Kaapstad, BORCHERDS op Stellenbosch en MICHIEL CHRISTIAAN Vos op Tulbagh, was die taal van die veroweraar nie magtig genoeg om heeltemaal aan die vreemde kultuur verslaaf te raak nie. Maar dit het met hul toestemming geskied, dat die nuwe taal en kultuur ’n houvas op die jonger generasie gekry het, omdat hul ortodoksie, in die begin van die neëntiende eeu, nie bewus nasionaal was nie. Daar lê ’n onbetwisbare sentimentaliteit in, wat vreemd is aan die Hollandse aard.

2. DIE ROMAN IN BRIEWE.

In die eerste dekades van die neëntiende eeu het die toestand op die dorp Tulbagh enigsins op die van Stellenbosch gelyk, alleen het die sendingywer daar nog heter gegloei, aangevuur deur ’n laat verteenwoordiger van die agtiende eeuse „sentimentele rigting”, skrywer van ’n *Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, als predikant der Hervormde Christelijke*

¹⁾ *Transactions of the London Missionary Society* Vol. II. In dieselfde jaar is dit ook in die Walliese taal uitgegee; die volgende jaar ’n „Extract” in pamflet-vorm by BABSON en RUST gedruk. Onder die titel *Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zijne zending tot de Heidenen* het ’n Hollandse vertaling in 1805 by JOHANNES ALLART die lig gesien. In die Handskrifte-saal Univ. Bibliotheek Leiden is daar twee Hollandse briewe van hom van persoonlike aard, 4 Febr. 1803 en 9 Febr. 1804, aan M. TYDEMA.

²⁾ BORCHERDS *Memoir* p. 71.

Gemeente op onderskeidene plaatsen in Nederland, Afrika en Azië, van zijne Jeugd af tot den tijd van zijn Emeritusschap. Door hem zelven in den jare 1819 briefsgewijze aan eenen vriend medegedeeld.¹⁾

Uit die voorberig verneem ons, dat die briefvorm gekies is vir hierdie lewensverhaal, merkwaardig in alle opsigte, omdat dit „den leeslust te meer opwekken en levendig houden zal”, wat inderdaad bewaarheid geword het. Hierdie vorm in die letterkunde het opgekom met die Renaissance, maar romans in briefvorm dateer eintlik eers uit die agtiende eeu, wanneer die brief nie alleen die gewone voertuig vir gedagte-wisseling word nie, maar selfs as iets aangenaams, 'n soort mode beskou word. In Frankryk skrywe ROUSSEAU sy brieweroman *La Nouvelle Héloïse*, DIDEROT sy *La Religieuse*, DE MONTESQUIEU sy *Lettres Persanes*, in Duitsland verskyn *Sophiens Reise* deur HERMES, *Die Geschichte der Fräulein von Sternhelm* van DE LA ROCHE, in Engeland RICHARDSON se *Clarissa Harlowe* en *Charles Grandison*, SWIFT se *Letters of a Drapier*; in Nederland pen ELIZABETH POST *Het Land*, WOLFF en DEKEN hul lywige romans *Sarah Burgerhart*, *Willem Leevend*, *Cornelia Wildschut*, alles in briewe en almal in meerdere of mindere mate met spore van sentimentaliteit.

Ook die realistiese kunstenaars kon hierdie gees van hul tyd nie ontsnap nie.

Deur sy lang Europese verblyf kon die Afrikaanse romancier verskeie van hierdie werke in hande gehad het en gemerk het hoe geskik en gewild die vorm was vir ontboesening en karaktertekening. Die outobiografiese vorm bring fyn skildering van die gemoedslewe en die outobiografie is altyd tot op sekere hoogte 'n poging tot regverdiging van 'n verbygegane lewe. Dit bring die skrywer se oordeel oor bepaalde persone en hul lotgevalle, en die vorm is geskik vir die sederoman. Aan albei het ons skrywer behoefte gehad, aan blootlegging van sy eie gemoed sowel as aan kritiek op die handelwyse van sy tydgenote. In die kader van

¹⁾ Amsterdam, A. S. SAAKES 1824. In 1911 het prof. J. DU PLESSIS 'n nuwe uitgawe besorg by H.A.U.M., Kaapstad.

sy tyd gesien, is dit inderdaad 'n „merkwaardig verhaal” van 'n merkwaardige Afrikaner, vol sentimentaliteit soos FEITH en ELISABETH POST en vol romantiek soos die populêre JACOB VAN LENNEP. Die Romantiek van die 19^{de} eeu staan in regstreekse verband, is in seker sin 'n voortplanting van die grondgedagtes van die sentimentele rigting.

3. M. C. VOS, SE JEUG AAN DIE KAAP ONDER DIE OOS-IN-DIESE KOMPANJIE. STUDIE IN NEDERLAND EN DIENSTIJD ONDER DIE HOLLANDSE BEWIND.

MICHIEL CHRISTIAAN VOS is op oujaarsdag 1759 in Kaapstad gebore. RYK TULBAGH was toe reeds ag jaar aan die Kaap aan bewind van sake, en die kolonie gaan 'n tydperk van ongekende bloei en uitbreiding sinds die dae van die VAN DER STELS tegemoet. Die koloniste was besig om die groot binne-landse bergketting oor te trek en veeplase aan te lê, wat hul deur hul Burgerkommando's teen die Boesmans beskerm. Die skitterend geslaagde ontdekkingsreis na Kafferland deur Vaandrig AUGUST BEUTLER van 1752 was reeds agter die rug,¹⁾ die tog na Namakwaland van 1761 onder kapitein HOP op hande,²⁾ die Praalwette van 1755 reeds ingevoer om die deugde, wat die Nederlandse volk tot 'n magtige nasie gemaak het, te bewaar. Die Reisbeskrywing en die Dagboek behou hul populariteit dwars deur die agtiende eeu en die geskrifte van BEUTLER en HOP oor Kafferland en Namakwaland respektiewelik word op die *Secretarie* in die Kasteel sorgvuldig nagesien, oorgeskrywe en opgestuur na die Here Bewindhebbers, volgens die voorskrifte van die Artikelbrief.

¹⁾ Vgl. Journaal gehouden door den Assistent CAREL ALBREGT HAUPT op den togt door den Vaandrig AUGUST FREDERIK BEUTLER. Godée Molsbergen: Reizen III, p. 265—336.

²⁾ Vgl. Dagregister, gehouden op de Landtogt, gedaan door het land der kleyne en groote Namacquas, onder het Commando van den Capitein der Burger Cavallery HENDRIK HOP. Godée Molsbergen: Reizen II, p. 24—58.

Die Franse oorlog- en transportskepe op weg na Indië om die Engelse te gaan beveg in die imperiale gestoei vir die besit van die nog-nie-buitgemaakte oppervlakte van die wêreldbol, het die Kaapse koring en wynhandel goed te pas gekom, maar dat die Afrikaner geleer het, om nie alleen by wyn en brood te lewe nie, blyk o.a. uit die skenking in 1761 van JOACHIM NICOLAAS VAN DESSIN, die man, wat gedurende byna 'n kwart eeu sekretaris van die Weeskamer was. Die kolonie word die erfgenaam van sy 3800 boeke, waaronder allerlei merkwaardige drukke en handskrifte. ¹⁾

Nie alleen boeke, maar ook skilderye het die ontwikkelde hoër amptenaar-kolonis waardeer. Die Franse reisiger BERNARDIN DE ST. PIERRE, beroemde skrywer van *Paul et Virginie*, vertel van pragskilderye op die mure van VADER TULBAGH, waaronder portrette van TROMP en DE RUYTER. ²⁾ Die vreemdelinge het al begint praat van Kaapstad, hoewel die koloniste haar nog steeds Kaap genoem het. Nuwe strate is aangelê, die toring van die kerk hoër gemaak en met 'n uurwerk voorsien, 'n stadhuis gebou, in 1770 die kerkhof tussen Leeuwenstaart en die baai tot gebruik geopen het. Die direkteure van die Oos-Indiese Kompanjie was aan planne maak vir 'n nuwe siekehuis; die een op Simonstad was reeds in 1765 voltooi, pakhuis, kwartiere vir die garnisoen en die werkliede teen 1768 opgetrek. ³⁾

Van al die woelige bedrywigheid kon die sieklike MICHIEL Vos as kind nie veel geniet nie. Volgens die eerste brief van die *Merkwaardig Verhaal* word die jong Kapenaar op veertienjarige leeftyd by sy oudste broer besorg, om die silwer- en goudsmidshandwerk te leer. Saans leer hy teken en klavierspeel, maar deur sy swak gesondheid was dit hom „zelfs in het muzijk leeren een last, allerlei ijdele dinge te moeten leeren spelen.” Hy kom tot bekering en in die tweede brief word vertel hoe hy sy toevlug neem „tot de klipkuilen aan den

¹⁾ Sien p. 42, noot 2.

²⁾ Vgl. BERNARDIN DE ST. PIERRE: *A voyage to the Isle of France, the Isle of Bourbon, and the Cape of Good Hope; with Observations & Reflections upon nature & manhind* (Engelse vertaling, Londen 1800).

³⁾ G. McC. THEAL: *Gesch. van Z.A. 1486—1835*, p. 162 en vlgg.

Leeuwenbil, een berg aan de Kaapstad, uit welke men klippen hieuwen tot de ommuurde begraafplaatsen, buiten de stad, om aldaar, alleen zijnde, overluid te bidden en mijnen bangen boezem voor God te ontlasten.”

Hierdie dwepende houding kan uit sy gesondheidstoestand verklaar word, maar 'n jong man dolende in die klipkranse van Leeukop, in die onmiddellike nabyheid van ommuurde kerkhowe om sy „bangen boesem” uit te stort, klink soos 'n scène in die taal van ELIZABETH POST uit *Voor Eenzamen* (1789), of uit RHYNVIS FEITH self. Die sentimentele rigting kom as 'n reaksie op die dorre rasionalisme van die agtiende eeu; die gemoedslewe begin hoe langer hoe meer die aandag te eis en ook hier by ons vind die stroming weerklink veral op godsdienstige gebied, waarvan die lewe van Vos getuig. Die tye was aan die verander in Europa en die tyd vir beslissend ingryp in Europese politiek was vir die Republiek van die Nederlande virgoed verby. Die regente het hul op 'n standpunt geplaas, wat hul van die volk vervreem het. Dat hulle daardeur self hul mag ondermyn het, het nie tot hul deurgedring nie. Met die „Tijdverdrijf van smaak of Joujou de Normandie” in die hand gaan hul onbewus die oomblik tegemoet, waarop die eertyds roemryke Republiek van die Verenigde Nederlande sou weggee word uit die ry van die groot moëdhede as een wat haarself oorleef het.¹⁾ Vanuit die verte kom die geroep van Vryheid, Gelykheid en Broederskap en ook in donker Afrika kom die koloniste onder die indruk van die regte van die mens, afgesien van die kleur van sy huid of die peil van sy beskawing.

M. C. Vos gaan hom nou die lot van die slawe aantrek. Nie hul slawerny self nie, „want velen hunner hebben het, naar den ligchame, inderdaad veel beter dan duizenden vrije Christenen in Europa,” maar die verwaarlosing van hul siele beangs sy gevoelige hart en ligbewoë gemoed. Hy besluit om die silwer- en goudsmidshandel, die tekenkuns en pianospel vaarwel te sê en hom in Europa te bekwaam vir die kansel. Die derde brief van die *Merkwaardig Verhaal* bevat heelwat onbewuste humor. Tot

¹⁾ Vgl. *Het Leven van onze voorouders*: DE ROVER & DOZY IV p. 148.

vyf maal wend hy hom tot die President van die Weeskamer om sy klein kapitaaltjie in ontvangs te neem „maar Pharao's harte werd verhard om my niet te laten trekken,” en dit op aandrang van sy oudste broer, die skurk van die drama. Die Bybelse styl is kenmerkend vir sy prosa en gee 'n sekere wyding aan die verhaal, ook waar hy laggend-ironies daarby voeg „het laatste bezoek dat ik te dien einde bij hem aflegde, was zoo vriendelijk, dat hij mij bedreigde, indien ik nogmaals met dat verzoek te zijnen huize kwam, ik verzekerd kon wezen, dat hij mij met eenen stok de deur uit zoude slaan.” Die maklikste manier om van die Weeskamer los te kom, is om hom met nog sterker bande, nl. dié van die huwelik te gaan bind in 1779, maar nugter, saaklik-prakties was dit hom te doen „meer om het ambt van een Evangeliedienaar, dan wel om eene vrouw.”

Deur tussenkoms van sy skoonvader geluk dit hom om in 1780 na Nederland te vertrek, maar nie voor hy tot drie maal toe by die goewerneur VAN PLETTENBERG gaan smeeke het om toestemming en slegs as antwoord kon kry „zoo ik volstrektelijk weg wilde, ik dan mijn *wijf* (zoo vriendelijk sprak hij mij aan) moest medenemen,” wat die merkwaardige bruidegom juis nie van plan was om te doen nie. Hy neem afskeid ook in die buiteland, word op awentuurlike wyse gered deur sy perd, wat, asof deur goddelike hand bestuur, nie die seekoegat in wil nie en kry van die predikant van Paarl „offschoon mede mijn voornemen niet kunnende goedkeuren,” tog 'n paar teologiese boeke „in de Latijnsche taal ten geschenk.”

Sy voorlopige onderrig het hy van 'n soldaat ontvang, daar die Latynse skool van LAMBERTUS SLICHER in 1714 opgerig, (waar die Latynse en Hollandse tale gedoseer was), in 1725 opgehou het om te bestaan, weens die geringe ondersteuning, en dit tot 1793 sou duur voor 'n tweede poging aangewend word om 'n Latynse skool in Kaapstad te stig. Maar met of sonder Latynse skool is daar in die sewentiende en agtiende en begin neëntiende eeu Latynse verse en Latynse prosa aan die Kaap geskrywe, soos die kerkdeur-opskrifte van PETRUS KALDEN, die *Descriptio epistolaris* van JAN

WILLEM DE GREVENBROECK, die briewe van *Christodulus* (HELPERUS RITZEMA VAN LIER) die *Carmina Heroicum* et *Elegiacum* van 'n gebore Afrikaner J. C. BERRANGÉ, die rektor van die Latynse skool, wie se aanstelling Lord CHARLES in 1815 nie wou bevestig nie, omdat hy nie genoeg Engels na die sin van die goewerneur geken het nie,¹ Latyn geles en bestudeer genoeg om enige klassikus se hart te verbly. En die student M. C. Vos, gewapen met sy soldate-Latyn en sy present-eksemplare van die Paarlse dominee, kom 29 Junie 1780 op die rede van Texel aan en vestig hom voorlopig in Amsterdam.

Die beskrywing van die oortog, byna veertig jaar later, word ongelukkig bederwe deur 'n al te moraliserende toon. Volgens eeue-oue gebruik, hoewel in die Artikelbrief van die O.I. Kompanjie ten strengste verbode, word die dag, waarop die Linie oorgevaar word, ter ere van BACCHUS gevier, en soos dit nou moes gebeur, het een van die passasiers, 'n ou man van sestig jaar, verongeluk. Die skrywer kon die geleentheid nie laat verbygaan sonder om uit te roep „o welk een wonder, dat de Heer van de winden en de zee die Linie-vrolijkheden niet meermalen op de dood straft.... schrijvende de wijze wereld zulks alleen aan een bloot geval toe.” Maar objektiwiteit moet ons in die romans van sy tydgenote ook nie soek nie; dit sou nog byna 'n eeu duur voor die romanskrywer leer om nie tussen sy leser en sy onderwerp te staan nie, om effentjies op sy te gaan, dat die leser kan duideliker sien.

Die sieketrooster het hom vertel van die beroemde Utrechtse professor GYSBERT BONNET. Hy kry 'n paar van sy werke in hande en besluit om onder hom te gaan studeer. Vol dankbare erkentlikheid getuig hy jare later van die vriendelike tegemoetkoming, die nederige eenvoud van die groot geleerde teenoor sy stamverwant. Drie jaar later laat hy hom eksamineer, omdat daar 'n opening aan die Kaap was en hy, soos elke regskepe Afrikaner, hom slegs daar gaan bekwaam het vir diens in sy vaderland. Maar dan sou die eerste groot teleurstelling hom tref — die Classis Amsterdam benoem hom nie,

¹) Vgl. A. DREYER; *Kerksouvenir van Durbanville* (1826—1926) Kaapstad. Nas. Pers. 1926.

omdat hulle hom te veel „Voetiaan”¹⁾ en „Dweper” beskou. Dit is tenminste sy verklaring in die *Merkwaardig Verhaal* vir hul optrede.

Aangrypend geteken is sy moeilikhede in die Nederlandse hoofstad. Deur tussenkoms van die Amsterdamse predikant TYKEN, word hy daar benoem as hulpprediker, maar sy eerste preekbeurt vervul hom met soveel angs dat hy „in plaats van de predikstoel te beklimmen, de stadspoorte wilde uitgaan.” Hy laat sy vrou kom uit die Kaap, maar dié verkeer weer in ’n sielstryd. Geen wonder, dat hy enige maande later in sy eerste gemeente Wonderberg doodsiek word. Geen wonder ook, dat die vrywillige in ballingskap gaan van duisende Patriotte, omstreeks die jaar 1787, om in Frankryk in nie geringe mate die vrysinnige begrippe uit die ensiklopediese geskrifte van manne soos VOLTAIRE, DIDEROT, ROUSSEAU, op te doen, feitlik langs hom heen gegaan het. Bo sy eie klein verdrietjies styg hij nie uit in hierdie gedeelte van die verhaal nie, waarin ons so graag meer sou wou gewet het van die Afrikaner-standpunt oor PICHEGRU en sy verflenterde leër, waarmee hy Holland binnetrek.²⁾

Vos was veral die man van die woord, wat met vurige oortuiging sy gehoor kon meesleep, sodat hulle van heinde en ver gereis het om na hom te luister.³⁾ Oor sy redenaarstalent was hy baie beskeie en selfs waar hy vertel van allerlei bekeringe na sy bedanking vir die beroep na Hilversum in Maart 1788, om tog na enige aarseling dié na Pynakker die volgende jaar aan te neem, wy hy geen lof of eer aan homself nie. In verouderde beeldspraak, maar so eg uit die tyd, praat hy altyd van ’n bekeerling as „een leesbare brief der genade.”

Van 1790 tot 1793 is hy predikant te Woerden, toe hy

¹⁾ Volgeling van VOETIUS, die Utrechtse professor wat van 1637—1647 die wysbegeerte van DESCARTES bestry het. Vgl. A. C. DUKER: *School-Gezag en Eigen-onderzoek*, Leiden, 1861.

²⁾ Vgl. De Yzeren Maarschalk. *Het Leven van Daendels*, „soldat de fortune,” roman deur CONSTANT VAN WESSEM, Amst. 1932.

³⁾ Toe prof. N. J. HOFMEYR in 1849 in Nederland was, is hom dikwels gevra of hy Vos geken en sy lewensbeskrywing gelees het. Vgl. J. D. KESTELL: *Het Leven van Prof N. J. Hofmeyr* p. 27 en 54.

eindelik, dank sy die bemiddeling van 'n hooggeplaaste vriend uit sy studentetyd, mr. HENDRIK VAN STRALEN, tot predikant in die Kaapkolonie benoem word. Begryplikerwyse het die dertienjarige verblyf 'n groot gehegtheid aan Holland meebring, maar hoe gelukkig ook al in die stamland, „evenwel bleef ik altoos, bijzonder om de arme heidenen, naar mijn land verlangen.” Oos wes, tuis bes, en na 'n afwesigheid van veertien jaar min drie dae, soos hy met groot presiesheid aanteken, bring die „Hertog van Brunswijk, een schoon nieuw schip”, hom veilig aan Tafelbaai-strand.

Die twaalfde en dertiende brief van die verhaal uit drie wêrelddele speel weer in Suid-Afrika. Die goewerneur ABRAHAM SLUYSKEN ontvang hom vriendelik, sou hom graag in die plek van „den waardigen VAN LIER, den besten leeraar, dien de Kaapsche Kerk ooit gehad had,” gehou het, maar daar die plek reeds aan 'n ander belof was, word hy tot predikant van Roodezand aangestel, waar hy op 4 Mei 1794 sy intrepreek lewer en sy gemeentede met verbasing en verontwaardiging vervul, omdat hy na aanleiding van Markus XVI vs. 15 te kenne gee, dat hy ook van plan is om as herder en leraar van die slawe en heidene op te tree.

4. DIE SKRYWER VAN DIE MERKWAARDIG VERHAAL ONDER VERSKILLENDE REGERINGS; ENGELSE RIGTING. REPOS AILLEURS.

Dit was die eeu, wat haar as ideaal die gelykheid van die mens gestel het. Die metodistiese bedrywigheid van die Londense Sendinggenootskap vind 'n veiligheidsklep in ons land van die „noble savage”, en M. C. Vos, in die Land van Waveren reeds gebrandmerk deur sy voorliefde vir alles wat 'n gekleurde huid had, gaan die sendelinge VAN DER KEMP, KICHERER, EDWARDS en EDMOND in 1799 in Tafelbaai ontmoet en sloof hom uit om KICHERER en EDWARDS na Boesmanland, VAN DER KEMP en EDMOND na Kafferland weg te help. Die Kaap, die stigting met soveel idealisme begin, met soveel moeite en verdriet tot so 'n kolonie uitgebrei, was onderwyl in vreemde hande oorgegaan, maar die *Merkwaardig Verhaal* is ook hier merkwaardig, daar dit bladsye wy aan die „onhebbe-

likheid" van die boere om hul weersin nie te verberg teen sy aansienlike aantal gekleurde kerkbesoekers nie, en so goed as swyg oor die hele politieke omwenteling. Die Oos-Indiese Kompanjie het haarself dan ook oorleef en ná die vertrek van die vlottende hoër amptenaredom 'n tipe kolonis agtergelaat wat Prinsgesind was en hom laat inlyf het by Engeland, soos hy hom laat bevry het in 1803, sonder mok, sonder mor, sonder juig. Daardie eerste oorgawe van die Kaap hoort tot die jammerlikste bladsye in ons geskiedenis en tog is die algemeen geldende opinie dié van Vos gewees, nl. „dat Kerk nog Burgerstaat er iets bij geleden hebben.”

Sy Dietse gees breek darem deur die vloed „van heete tranen” as hy die Boere teen die laster van die reisbeskrywers verdedig, en voorspel met vèrsiende blik, dat „de gastvrijheid, eene bijzondere eigenschap der Afrikaansche boeren, langs dezen weg van tijd tot tijd verminderen zal.”

Die nuwe Britse gesag gebruik hom in 1797 om die grensboere tot gehoorsaamheid aan te spoor, maar dit blyk, dat hy op sy eerste reis na Graaff-Reinet meer bekommerd was oor die sieleheil van die Kaffers as oor die tydelike en ewige van sy landgenote. Dit verheug hom om sy *Vragenboekje*, op Roodezand geskrywe, en waarvan ettelike afskrifte gemaak is omdat dit moeilik was om dit gedruk te kry,¹⁾ in gebruik onder die Graaff-Reinetse Kaffers te vind; hy belowe om 'n *Journal* van sy reis as 'n aanhangsel van die *Merkwaardig Verhaal* te laat volg²⁾ en keer terug ná 'n afwesigheid van drie maande om te vind, dat daar 'n wolf onder sy skape op Roodezand was, dat sommige van sy gemeentelede hom „belasterd” het. Ds. Vos is onder die indruk, dat die vyandskap teen hom aangeblaas is deur sy plaasvervanger, latere opvolger, H. W. BALLOT, maar wat hier werklik plaasgevind het, afgesien van die skuld of onskuld van Vos aan onsedelike gedrag, waarvan hy deur LICHTENSTEIN beskuldig word, is 'n botsing

¹⁾ Vgl. *Gesch. der N. G. Kerk van Z.A.* door Prof. J. I. MARAIS, p. 107. (Deel IV van de Christelijke Huis-Biblioteek, Stellenbosch 1919).

²⁾ Geen van beide het ek nog ooit onder oë gehad nie. Enige inligting sal baie welkom wees.

van twee kultuur-strominge wat die verdeeldheid in die Roodezandse gemeente gebring het: Aan die een kant die ou inheemse Hollandse Calvinistiese wêreldbeskouing, langsaam hand versag deur en aangepas by ons omstandighede, aan die ander die nuwe aangewaaide metodistiese stroming van die sogenaamde „fijnen” of „piëtisten” in Holland en veral van die Londense Sendinggenootskap. Soos LICHTENSTEIN, die verteenwoordiger van die „Verligting” na aanleiding van die besoek van Commissaris-generaal DE MIST aan Roodezand van 20 November tot 1 Desember 1803 dit uitdruk:

„door de verkeerde pogingen van dweepzieke zendingen eene soort van bigotterie in deze landstreken ingedrongen is, welke het goedhartig en vrolijk karakter dier menschen geheel misvormd en hen in bedilzieke, norsche pijlaarbijters herschapen heeft. Dans, gezang en spel zijn uit de gezelschappen gebannen, en naauwelijks kunnen zij het hunnen predikant vergeven (d.i. BALLOT) dat hij verdraagzamer denkt en de jeugd nu en dan tot vrolijkheid aanmoedigt.”¹⁾

Arme M. C. Vos. Ons sien almal met die lig wat in ons is, en die oorsake van sy huilerige nederigheid wat „een regt verslagen hart” as enigste vergoeding eis vir die „groffste zonden begaan, zonder gevaar, ten aanzien zijner zaligheid te loopen,” soos LICHTENSTEIN dit kras sê, lê opgesluit in die eerste instansie, in hierdie tydstroming, daarna in sy eie swak gesondheid en in dié van sy vrou. Sy was veel ouer as hy, en slagoffer van ’n swak senugestel „daaruit voortvloeiende mindere tevredenheid in ’s Heeren weg” en ’n onvermoë om met Heidense diensbodes om te gaan, wat nie bepaald bevorderlik vir hul huislike geluk sou gewees het nie. Albei was gevoelsmense by wie gevoeligheid oorgeneig het na gevoeligerigheid, by wie die balans tussen hart en verstand totaal verstoort was. Deur die briefvorm kry ons die skrywer se oordeel

¹⁾ LICHTENSTEIN: *Reizen in het Zuidelijk gedeelte van Afrika in de jaren 1803, 1804, 1805 en 1806* uit het Hoogduitsch vertaald door W. GOEDE. Deel I p. 283—5 en Deel II p. 172—3.

GODÉE—MOLSBERGEN: *Reizen in Z.A.* IV p. 216—7 gee ’n opsomming, geen letterlike vertaling nie.

oor homself, oor haar en oor sy tydgenote. Ons lees tussen die reëls deur hoe hul albei deur hul gevoel weggesleep word.

Na 'n tweede besoek aan die grensdistrikte, van 5 Oktober 1801 tot 21 Januarie 1802, dring die verwoesting aangerig deur die „arme heidenen” ondanks, of danksy die ywer van VAN DER KEMP en READ, tog so tot hom deur, (hy vind welgestelde landgenote „op het veld alwaar zij bijna van armoede en ongemak vergingen,”) dat hy noodgedwonge uitroep: „O wat gevoelde ik over deze arme menschen!” maar sonder om die wortel van die kwaad raak te sien. Hierin was 'n tydgenoot, 'n ander gebore Afrikaner DIRK VAN REENEN,¹⁾ hom vooruit in sy Reisbeskrywing omdat hy 'n ander lewensfilosofie bely het. Alleen 'n besef van die talryke gruwele in die loop van die wêreldgeskiedenis in die naam van Christus gepleeg, versag ons oordeel oor die blindheid, die dwaashede en dwalinge van die Londense Sendinggenootskap, wat Vos met hart en siel aangehang het.

Die politieke toestand het kritiek begin word. Vos het die simpatie van die grootste gedeelte van sy gemeente verloor en sy vrou wou terug na Europa. Sonder die Kerkraad van Kaapstad of die Classis van Amsterdam te ken in die saak,²⁾ aan wie hy verantwoording verskuldig was, vertrek hy in 1802 binne sy vasgestelde tyd van vyftien jaar, alleen na oorleg met die Engelse goewerneur en voorsien van 'n „loffelijk getuigschrift” van FRANCISCUS DUNDAS en die belofte van een van sy gemeente.³⁾ Dié slag nie na Holland nie, maar na die „O Gezegend Engeland” soos hy in ekstase op haas elke bladsy van die veertiende brief uitroep.

Die tweede seereis is veel awentuurliker as die eerste. Hulle dobber neën-en-twintig dae op die see rond in 'n wrak van 'n skip met 'n kibbelende skipper en sy rusiemakerige eerste offisier, voor hul op St. Helena kom, waar die egpaar

¹⁾ Sien p. 101 en vgl.

²⁾ Vgl. Kerkraad van Kaapstad aan die Classis van Amsterdam, 13 Jan. 1803, aangehaal in *Merkwaardig Verhaal*, uitgawe DU PLESSIS,

³⁾ Afdruk in 'n noot (p. 261) van die DU PLESSIS-uitgawe van die *Merkwaardig Verhaal* uit die notule van die kerkraad van Waveren, 5 April 1802.

— „zij was nu een eikeboom, maar ik een zwak riet” — na heel wat gesukkel op 'n groter boot oorgaan. Die ander het Europa nooit bereik nie, waarin 'n Vos die hand van die waaksame Voorsienigheid bespeur.

In Londen ondervind hy moeilikheid met die taal maar dit verhinder hom tog nie om noue betrekkinge met die Londense Sendinggenootskap aan te knoop en op die uitnodiging van die direkteure enige sendelinge na Asië te vergesel nie. Hierdie brief werp weer heelwat lig op die „zenuwgestel” van Mevrouw — eers wil sy in die wêreldstad agterbly, hou voet by stuk, dan op die laaste moment wil sy weer saamgaan en hals oor kop moet die nuwe reëlings getref word.

Die vyftiende brief toon een van die grootste nadele van die vorm duidelik aan, nl. dié van herhaling. Uit die aard van die saak is daar in die briewe-roman herhaling, wat die verhaal vertraag en langdradig maak, maar omdat ons skrywer slegs een korrespondent het en nie 'n hele versameling, wat almal in bekendheid met 'n belangrike geval moet gestel word nie, waardeur die gebeurtenis maklik vervelend kan word, hoef hy hom hieraan maar selde skuldig te maak. Sy groot tydgenote, medebeoefenaars van die genre het die moeilikheid deur 'n handige kunstgreep, nl. dié van insluiting van briewe, probeer ontduik. Hy hoef slegs nou en dan op 'n gefingeerde vraag van sy vriend te antwoord en 'n résumé van die voorafgaande soos in hierdie brief, is feitelik oorbodig. Die reis na die Ooste gaan van Engeland oor Denemarke, die Kaap verby na Tranquehar (Ceylon), waar sy vrou by hul aankoms op 5 Des. 1804 sterf. Die skip het Helgoland aangedoen, ook die Nicobaarse Eilande waar die heidene „gebroken Portugeesch” verstaan en hy in bekeringsywer met hul oor hul siele kon praat, waaruit ons verneem, dat hy ook daardie taal enigsins beheers het.¹⁾ Die Afrikaner beland weer op Hollandse gebied in die Ooste maar voel hom ontuis daar.

Op Ceylon word daar kou water op sy geesdrif gegooi. Van die 342,000 Christene, waarvan hulle hom in Europa

¹⁾ Sou Vos kennis daarvan aan boord of in Suid-Afrika opgedoen het?

vertel het, merk hy heel weinig en hy word allesbehalwe vriendelik ontvang deur die predikante, wat volgens hom woeker en raap en skraap so hard soos die amptenare. Besonder lewendig is die dialoog-vorm in die sestiende brief, gebesig tussen die skrywer en die twee Hollandse predikante van Colombo. Die oudste, „Paus van Ceylon” noem Vos hom (wat g'n greintjie sin vir humor het nie) met 'n bietjie leed-vermaak, begroet die nuweling met:

„Wij hebben verstaan, dat gijlieden gekomen zijt om de Heidenen te bekeeren.” — Ons antwoord was: „Menschen te bekeeren is Gods werk; maar wij zijn gekomen, om te zien of wij, door onderwijs, middelen daartoe mogen zijn.” — „In dat werk,” zeide diezelfde persoon, „ben ik reeds verscheidene jaren bezig geweest, en wilt gij wel gelooven, dat ik meermalen vijf honderd Christenen op éénen dag gemaakt heb?” „Als gij dan maar niet,” was ons antwoord, „vijf honderd malen op éénen dag de paarden voor de zwijnen geworpen hebt.” Hierop barstte hij en eenige van zijn gezelschap in een dartel gelach uit, en brachten niets dan spotternijen te voorschijn.”

Dat die nougesetheid van die nuweling, wat by sy vertrek uit Afrika die Classis van Amsterdam eenvoudig genegeer het en so duidelik sy voorkeur te kenne kom gee vir die Engelse, met wie die ouer Ceylonse koloniste op taamlik gespanne voet begin verkeer, ergerlik vir die Hollandse predikante moes gewees het, lê voor die hand. In Point de Gale, waar hy in Maart 1805 tot predikant by die Hollandse gemeente aangestel word, hertrou hy met 'n Engelse offisersweduwee, wat die nag voor hy aan wal gestap het in 'n droomverskyning gesien het hoe „iemand in het zwart gekleed tot haar kwam, en haren ring van haren vinger nam” — romantieser kan dit nie. Hy verkeer op die intiemste voet met die „brave” Engelse goewerneur NORTH, skrywe 'n katkisasieboekie, wat vir rekening van die Britse goewerment sou gedruk word, maar die goewerneur vertrek na Engeland en dis die laaste sien van sy „boeksken”. Hy vertel, dat 'n Remonstrant, wat die handskrif gesien het, dit as al te „kalvinisties” afgekeur het. Daar dit nooit ter perse gelê is nie, is dit moeilik

om te bewys of dit sy kalvinisme of Engels-gekleurde metodisme was, wat die afkeuring van sy medearbeiders uitgelok het.¹⁾

As ons dan nog onthou, dat die predikant onder die O.I. Kompanjie die rang van onderkoopman gehad het, word ons gemaan tot versigtigheid met die beskuldiging van verwaarlosing van hul dienspligte, waaraan M. C. Vos byna die helfte van sy verdere verhaal wy. Sy opwekkingsdienste was vreemd aan hulle gees en sy idealisme om die hele heidendom in een leeftyd te bekeer vir hul 'n hersenskim, ontnugter soos hulle was in die harde skool van ervaring. Ook oor hul huwelike met gedoopte Singalese vroue het die sewentiende- en agtiende-eeu op Ceylon ander begrippe gehad as Vos, wat tot dusver slegs met barbare en halfbarbare te doen gehad het, Hottentotte, Boesmans en Kaffers.²⁾ Gevolglik ondervind hy op Colombo slegs teenwerking en vyandskap, waaroor hy hom in sy verhaal beklag en bejammer, maar wat hy gedeeltelik op sy eie hals gehaal het, en wat tenslotte so sterk word, dat hul hom voor die keuse stel om of as predikant of as sendeling op te tree, maar nie albei nie. As sendeling by eie keuse, word die botsing so hewig, dat hulle sy verwydering van die eiland bewerk. Hy vertrek na Negapatnam en binne twee jaar vandaar na Madras, waar die Skotse gemeente hom versoek om hul leraar te word, maar moeggeswerwe staan sy kop huis-toe. M. C. Vos, die rustelose swerwer, kom in November 1809 in Kaapstad aan, drie jaar ná die Kaap die tweede maal en nou vir goed in sy Engelse vriende se hande oorgegaan het. Enige maande later word hy tot predikant van Swartland (nou Malmesbury) benoem, die volgende jaar op Zwartberg (nou Caledon) aangestel deur die goewerneur CALEDON. Dit alles word ons deur middel van briewe in die *Merkwaardig Verhaal* meegedeel.

Ag dae ná sy tuiskoms van sy swerftogte was daar 'n verskriklike aardbewing in Kaapstad; van „gedurige onderaardsche schokken” vermeld die verhaal. Die agtiende brief vertel van die spotters, wat toegeloopt en geskreeu het: „bidt voor ons! bidt

¹⁾ Enige inligting oor hierdie MS. van Vos sal welkom wees.

²⁾ Die moeder van SIMON VAN DER STEL was 'n Singalese.

voor ons!" Hierdie natuurverskynsel het m.i. dieper spore op die deur die Europese stroming reeds ontvanklik gemaakte gemoedere in Suid-Afrika nagelaat, as wat tot dusver mee rekening gehou is. Dat M. C. Vos op Caledon daarin slaag om 'n bepaling afgeskaf te kry, wat tot dusver gegeld het, nl. dat slawe geen lede van die Christelike Kerk kon word nie en tog eiendom van hul meesters bly, waardeur die eienaars die bekering van hul bediendes teëgewerk het, is 'n spoor van hierdie aardskok sowel as van die wêreldstroming wat op vrystelling van die slawe aanstuur. Tot sy verwondering en droefheid verneem hy, dat in sy geboorteland ook „geen der leeraren te voorschijn kwam, om, naar de tijdsomstandigheden hunnen plicht te doen", Vos is altyd gereed om sy medearbeiders van dwaallere en pligsverwaarlosing te beskuldig as hulle nie sy sendingywer deel nie. Dikwels klink die *Merkwaardig Verhaal* oordrewe, dwepend, byna fanatiek godsdienstig, altyd is dit die uiting van 'n eenvoudige vrome. Hy stel self twee bidstonde in die week in, wat in verskillende gemeentes nagevolg word. Die ywer en toewyding onder die slawe en Hottentotte gloei warm, die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap neem vinnig toe na hierdie skok aan die godsdienstige gevoel.

Maar „Repos Ailleurs". Ook op Caledon (so was Zwartberg deur sir JOHN CRADOCK na sy voorganger herdoop) vind Vos geen rus nie. Die klimaat kan hy nie verdra nie, die pastorie, wat afgebrand het, word nie weer opgebou nie en die boere wil maar nie sy sendingywer ten volle deel nie. In Augustus 1819 verkry hy emeritaat met behoud van volle traktement en gaan hom weer op Roodezand vestig, waar sy ou vriend KICHERER nou as sendeling werksaam was en waar hy sy *Merkwaardig Verhaal* opstel (1824).

In 1825 is M. C. Vos daar oorlede.

Die eerste briewe-roman op Suidafrikaanse bodem ontstaan, het soveel lesers in Europa gevind, dat 'n Duitse vertaling in 1829 in Basel verskyn het. Toe het dit gaan lyk of die genre heeltemal uitgebloeit was en in die vergetelheid rus, soos ons eerste beoefenaar daarvan. Die twintigste-eeuse gejaagde publiek, in sy afsku van alles wat langdradig, vol herhaling of

enigsins onnatuurlik is, duld nie meer 'n roman in briefvorm, wat uitgereek is deur ses of meer dele nie, soos die van WOLFF en DEKEN en met die grootste inspanning word die moderne student daartoe gebring om *Langs een Omweg* en *Majoor Frans* van BOSBOOM—TOUSSAINT te lees. Maar toe kom die veel gelese Christelike skrywer GEORGE FRANS HASPELS met sy rustige roman in briewe *De Stad aan het Veer* en die eerste deel van die volledige werke van C. J. LANGENHOVEN (1933) verskyn as eerste stuk, nie van sy satiries-humoristiese of didakties-moraliserende werke, waaraan hy sy grootste sukses te danke had nie, maar sy Bybelse roman in briewe *Skaduwees van Nasaret*.¹⁾ Dit lyk of die vorm 'n herlewing tegemoet gaan. In die *Merkwaardig Verhaal*, onder die portret van die skrywer, is die volgende paar reëls te vind, wat ons in kort trekke weergee, wat die vriende en aanhangers van M. C. Vos gedink het:

„Dit is 't gelaat van Vos, veeleer een Lam in trekken,
 Dat d' eerbied kon in 't hart voor stillen ootmoed wekken;
 Een Vos, om vossen, die den wijngaard schade doen,
 Met list bij heilige list te stuiten in hun woen;
 Een Michael in kracht, om Jezus eer te schragen;
 Een Christiaan in deugd, om Jezus bloed te dragen.
 'Tuig Neêrland! Afrika! 'tuig Azië! van hem,
 Die ons dees bladen gaf, al zwijgt zijn priesterstem.”

Vaag en ver was M. C. Vos se ideaal van die gelykheid van alle kreature, wat hy met 'n wilde verlange nagejaag het. Tussen strewe en verwesenliking gaap altyd 'n kloof en namate die idealis iets kragtiger begeer, na mate sy ideaal grootser en sy einddoel verder is, sal die kloof wyer gaan. Omdat die mens nou eenmaal geen Argus-oë het nie, sal daar altyd skrywers en volksleiers wees, wat in hul poging om die sterre na te jaag, as hulle nie in 'n kuil beland nie, dan tog die blomme aan hul voet vertrap. Dit was die gevaar van die sendelinge. In 1833 word die slawe vrygestel, die groot ideaal van die opsteller van die *Merkwaardig Verhaal*, maar byna onmiddellik

¹⁾ *Nasionale Pers Bpk.* Kaapstad, 1933.

daarna begin die trek noordwaarts, 'n trek van eie landgenote die wildernis in, in 'n wanhoopsparing tot vrywording.

Die metodisme het vir Vos sy vriende en sy aanhangers 'n ongeëwenaarde gemoedsverdieping en versagting van die sede gebring, maar omdat dit nie uit ons volksiel self opgebloeit het nie, het dit vir menige Trekker enorme tydelike skade berokken, en vir andere, wat in die kolonie gebly het, gewisse disoriëntering voorspel, skade aan hul siel gedoen. Uit die stroming met sy oorgevoeligheid en sy Engelse inslag is die *Merkwaardig Verhaal* gebore, 'n merkwaardige tydskied van 'n merkwaardige man. Die „Sentimentele Rigting” wat teen die end van die 18e eeu oor Wes-Europa getrek het, het eers in die begin van die neentiende eeu sy koers na die Suidhoek geneem en in sy vaart die puik van die Afrikaanse grensbewoners uit hul land verja.¹⁾

¹⁾ vgl. Dr. J. W. LEYDS, *De Eerste Annexatie van Transvaal*.

HOOFSTUK VIII.

VOORTREKKER-SKRYWERS.

1. DIE GROOT-TREK DIE BELANGRIKSTE GEBEURTENIS VIR DIE BEHOUD VAN DIE DIETSE KULTUUR.

Die man wat die geskifte en verslae van die Voortrekkers weer op die voorgrond gestel het in 'n reeks „Voortrek-kermense”, het die wens uitgespreek, dat die dokumente mag bevordelik wees „aan letterkunde en liriek van ons volk.”¹⁾ Vir menige digter en romanskrywer het dit dan ook as inspirasie gedien, die taalkundiges het hier en daar Afrikaanse vorme bespeur en die uit die geheel gaan lig, maar m.i. kry die geskifte hul grootste betekenis as hul beskou word as uit die lewenshouding van hul tyd gebore, as die penneproduksie, die geestesgoed van 'n groep Afrikaners uit 'n bepaalde tyd.

Jare ná die Oos-Indiese Kompanjie opgehou het om te bestaan, het die gebod van die Artikelbrief om joernale en dagboeke te hou die boereleiers onbewus bly bind. Dit, naas die brief bly die enigste vorm, waarin die trekkers hul gedagtes giet as hulle onder die benardste toestande die stramme pou- of lammergierveer opneem en in eiegemaakte waboom-ink doop, om heimwee-gedagtes oor die streek en boereplaas wat hul verlaat het, toekomsdrome oor vryheid en selfstandigheid, angsgevoel oor die onbekendheid van die woeste noorde, die barbaarsheid van die inboorlingstamme te vertolk, 'n lewens-beskouing van vroomheid en onderworpenheid aan 'n Hoër Hand, maar van manmoed en ruggraat „teen die hele wêreld vry” onder woorde te bring. Die vraag is gestel of die

¹⁾ GUSTAV PRELLER: *Voortrek-kermense* I, p. 2, Nasionale Pers, 1918.

Groot-Trek louter politiek, louter 'n doelbewuste, nasionale beweging was, wat van 1833 af sorgvuldig voorberei is deur die kommissies uitgestuur deur PIET RETIEF en GERRIT MARITZ na Bechuanaland, die Vrystaat en Natal,¹⁾ of daar 'n godsdienstige element in te konstateer is²⁾ en of die algemene uittoeg gedeeltelik 'n uiting is van die ingebore treksin van die boer. Een ding staan onomstootlik vas — vir die behoud van die Hollandse taal en die Dietse kultuur was daar geen belangriker gebeurtenis in ons ganse geskiedenis nie. Ons kry eers dan 'n juiste begrip van ons verlede, as ons bereid is om die literêre weergawe daarvan, hoe rudimentêr dan ook al, in die taal en vorm van die tyd as ons eie te aksepteer en nie los en vas stukkie uit te pik nie wat toevallig „'n hele paar Afrikaanse woorde” bevat om die alleen by ons Afrikaanse letterkunde te reken nie.³⁾ Die briewe uit die trekkersperiodes,⁴⁾ die Dagboeke van LOUIS TRIGARDT⁵⁾ en ERASMUS SMIT,⁶⁾ die Joernaal van SAREL CELLIERS,⁷⁾ die Gedenkskrift

¹⁾ Vgl. G. S. PRELLER: *Historiese Opstelle*, p. 70 (VAN SCHAİK, Pretoria, 1925).

²⁾ Vgl. SPOELSTRA: *Inleiding tot Bouwstoffen I*.

³⁾ Dr. M. S. B. KRITZINGER: *Plateatlas by die Afrikaanse Letterkunde* (VAN SCHAİK, Pretoria 1931) begin met die afdruk van 'n brief van LOUIS TRIGARDT. Sy kommentaar is: „Dit bevat 'n hele paar Afrikaanse woorde en die stywerige daarin laat aan die geÿkte brieftaal van daardie dae dink. Ander Boerebriewe uit dié tyd sal dalk nog suiwerder Afrikaans wees as hierdie een.” Genoeg is dit om te sê, dat daardie „paar Afrikaanse woorde” daar nooit sou gestaan het nie, as TRIGARDT hom bewus was, dat hy afgewyk het van die vorm van sy tyd.

⁴⁾ Voortrekkerbriewe is te vind o.a. in G. B. A. GERDENER: *Charl Celliers*. In S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. van de Ned. Herv. Kerk I*, bylae; PRELLER: *Voortrekkerbriewe II*, bylae.

⁵⁾ Deur G. S. PRELLER in 1917 uitgegee met Inleiding en Aanteekeninge, in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie (Volksbladdrukkery, Bloemfontein). 'n Herdruk is gebiedend noodsaaklik, te meer daar die gevaar bestaan, dat CLAUDE FULLER: *Louis Trigardt's Trek across the Drakensberg*, uitgegee deur die Van Riebeeck-Society 1932, die plek van die oorspronklike dagboek sal gaan inneem.

⁶⁾ „Geredigeerd” deur ds. H. F. SCHOON, 1897. Opnuut uitgegee deur G. S. PRELLER: *Voortrekkerbriewe II*, Nasionale Pers, Kaapstad, 1920, wat op sy beurt toe weer die Schoon-spelling gaan „redigeer” het.

⁷⁾ Uitgee as Aanhangsel deur G. B. A. GERDENER: *Sarel Celliers, die Vader van Dingaansdag*, Pretoria 1924.

van ANNA STEENKAMP¹⁾ en Herinnering van FERDINAND PAULUS VAN GASS²⁾, is 'n stuk nasionale letterkunde uitgegee as historiebronne in 'n tyd van herlewing, toe die vraag na eie geskiedenis eindelik weer kragtig gestel is, na die lang „maer jare” van insinking en onderdrukking. Daar is 'n duidelike neiging in die rigting van Afrikaans by die briefskrywers en by TRIGARDT, hy verwaarloos die werkwoordsvorme en die uitgange, gebruik die dialektiese *i* vir *e* in „ind”, „omtrind”, „Novimber,” maar die taal en styl, en woordekeus is dié van die skryftaal van die generasie van die eerste helfte van die neëntiende eeu en die werk moet as 'n eenheid volgens hulle norme beoordeel word.

2. DAGBOEK VAN LOUIS TRIGARDT.

LOUIS TRIGARDT (1783—1838) was die leier van die eerste klein trekke, wat in 1835, nog voor die Groot-Trek, die Kaapkolonie verlaat het.³⁾ Die hele trek van sy mede-aanvoerder JOHANNES HENDRIK JANSE VAN RENSBURG, „Lang Hans” het 'n graf in die wildernis gevind op geen enkele uitsondering na nie. En op die klein kerkhoffie in Delagoabaai was daar slegs vyf-en-twintig oorlewendes, meestal vroue en weeskinders, om afskeid te neem van die grawe van TRIGARDT en sy Voortrekkers, voor hulle met die „Mazepa” deur tussenkoms van ANDRIES PRETORIUS, die Pietermaritzburgse generaal, afgehaal en veilig in Port-Natal besorg word op 19 Julie 1839. Die byna bomenslike ontbering en ellende, die hele treklewe en die invloed daarvan en van die primitiewe rasse op die trekkers, die nasionale tipes in die trekkende gemeenskap, vind ons uitstekend geskilder in die „boek” van

¹⁾ PRELLER: *Voortrekkermense* II. Sien verderop.

²⁾ PRELLER: *Voortrekkermense* I, p. 8—108.

³⁾ Vir lewensbesonderhede, vgl. Inleiding en Aantekeninge tot die *Dagboek*, deur G. S. PRELLER (1917), as afsonderlike opstel, uitgebrei en aangevul in *Sketse en Opstelle* van dieselfde skrywer, VAN SCHAİK, Pretoria, 1928. Verder G. S. PRELLER: *Historiese Opstelle* p. 70—75, VAN SCHAİK, Pretoria, 1925.

die voorste-voortrekker TRIGARDT. Tereg sê die uitgewer, „vir 'n aankomende nasionale letterkunde ag ek die *Dagboek* van seer besondere waarde.”¹⁾

Die familie TRIGARDT stam uit Uddevalla, Sweden. Die stamvader, CAREL GUSTAAF TRIGARDT, is in 1744 hier getroud met SUSANNA KUUN, van Duitse afkoms. Die seun van CAREL GUSTAAF, vader van LOUIS, CAREL JOHANNES is in Stellenbosch gebore in 1753 en in 1777 getroud met ANNA ELIZABETH NEL wat die familie voortgeplant het met twee seuns en twee dogters, CAREL, LOUIS, MARIA en SUSANNA. Die skrywer van die *Dagboek* is op 10 Augustus 1783 gebore as die jongste uit die gesin van vier kinders. Sy ouer broer CAREL is nog op Stellenbosch gedoop op 13 April 1783, maar hy heelwaarskynlik op Swellendam voor sy vader na Uitenhage en vervolgens na Graaff-Reinet verhuis het. Die vader in die kapasiteit van burger-offisier en 'n oom, 'n heemraadslid het naas kommandant VAN JAARVELD 'n leidende aandeel geneem in die opstootjies op die grense, 'n naklank van die Europese gebeurtenisse en 'n verset teen die wanbestuur van die Kompanjie, wat as gevolg gehad het, dat Graaff-Reinet vir byna twee jaar langer as die Kaapkolonie die Hollandse vlag oor hul eie republieke laat wapper het. Toe die „Nasionale Vergadering” op Graaff-Reinet en die „Nasionale Konvensie” op Swellendam afgekondig is, is daar twee burgerrade by die landdros en heemrade van Graaff-Reinet gevoeg, nl. kommandant VAN JAARVELD en burger-offisier TRIGARDT. Die plaaslike gesagvoerders, waaronder ds. MANGER, die man van die groot kerkskuld volgens VAN REENEN, moes buig onder die „Nasionale Vergadering.” Die jong LOUIS het die bewoë tydperk meegemaak in 'n atmosfeer van republikanisme, as man die vryheidsin van die republikein uitgeleef, hoewel hy 'n gevoel van eerbied gekoester het vir die „allergenadigste Koning FREDERIK WILLEM den 1sten”, Koning der Neder-

¹⁾ G. S. PRELLER: *Opstelle en Sketse* p. 9.

²⁾ Die gemeentes in die Hollandse tyd was Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein (Paarl), Rodezand (Tulbagh), Zwartland (Malmesbury), Graaff-Reinet, Swellendam.

lande.... onse Vader" in sy „Toepassing op onse vader,"¹⁾ as simbool van die steun van die stamland, waarop hy gehoop het. Na die inbesitneming van die Kaap deur die Engelse en die hysing van die Engelse vlag voor die Graaff-Reinetse drostdy deur landdros BRESLER, het die republikeine die vlag neergehaal en besluit om hul op die moederland te werp vir steun teen die Engelse „beskermers." Toe al hul pogings misluk het en die Dragonder- en Pandoere-regiment BRESLER in die landdrossetel gehelp het, het die familie TRIGARDT met verskeie bittereinders, oor die Visrivier gevlug en dreigemente nog voëlvryverklarings het hul in die Kolonie teruggekry voor die teruggawe aan die Bataafse Republiek. In die rumoerige streek het LOUIS sy skooljare deurgebring, waardeur daar in sy opleiding heelwat leemtes oopgelaat is, maar wat hom tog in staat gestel het om die pen te hanteer en 'n boek van blywende nasionale betekenis te skep.

Op Graaff-Reinet is hy in 1810 met die vyftienjarige Uitenhaagse dame, MARTHA ELIZABETH SUSANNA BOUWER getroud, 'n kleindogter van JAN LODEWYK BAUER VAN HESSEN—CASSEL. Daar het dus van albei kante Duitse bloed in die Afrikaanse adere van hul groot kroos gevloei, waarvan net vier die trek oorleef het. Aanvanklik het die trek net uit die familie, die onderwyser DANIEL PREFFER, 'n paar bywoners waaronder ou ALBACH, bestaan. Ons hoor ook van bure, die VAN AARDTS, DE LANGES, VAN DER MERWE en VAN DYK, maar dié het heel waarskynlik nie ver meegestaan nie. NICOLAAS PRINSLOO, JAN PRETORIUS, HENDRIK BOTHA, GERT SCHEEPERS en HANS STRYDOM het hul later aan die Grootrivier, laasgenoemde miskien eers aan die Vaalrivier, by die trek gevoeg wat oorspronklik by die VAN RENSBURGERS behoort het. Al hierdie figure, sommige meer, ander minder interessant, het TRIGARDT in sy *Dagboek* afgemaak. PIETA, die tweede seun, is die vader se regterhand. Op elke bladsy word iets van hom vermeld, sy geluk of ongeluk op die jag, sy versorging van die vee, optrek van krale, skoolgeboutjie en huis, regpak van sy wa, koorsiekte, ondervinding

¹⁾ Bylae by die *Dagboek*.

met 'n leeu, ens. Die gediensstige, gewillige jongman, het ook sy buie gehad en dan het die vader ook oor sy oogappel die tug kom handhaaf: ¹⁾

„De avond sprak ik met PIETA, gaf hij mijn geen antwoord maar een suure gezigt, waar ik boos om worden ken. Was ik met een jukscheij agter hem, kon hem niet krijgen.”

Die oudste seun CAROLUS, die ontdekker van die Victoria-waterval op die Zambesi, ²⁾ is kort voor die uittog in 1835 getroud met CORNELIA BOUWER. Hy was eintlik die wamaker, van wie 'n mens die indruk kry dat hy afgunstig was en nogal haastig van humeur, en sy seningarms, waarmee hy daaglik wabande smee, by die minste provokasie op sy handlanger BOTHA lelik kon laat neerbeuk. ³⁾ BOTHA is 'n ongeluksvoël. As hy in die smidswinkel messe maak, breek CAROLUS per ongeluk 'n stuk van die lem af, wat uitloop op die heftigste rusie, waardeur hy 'n vuishou opdoen; as hy koperkoëls moet giet, smelt die kleipot maar die koper nie, as hy wabande gemaak het, is dié eers te groot, as hy dit kleiner maak te klein — en „toen ouwe BOTHA de wielen omtrind 8 of tien dagen de houd werk klaar gemaakt had, toen hy het opbranden zouw, zag men dat de honijd-wormen in de doorn houte speeken was Zei ouwe BOTHA KOOT . . . dat is een zoon van juffrouw SCHEPERS . . . dat dootsteeken moet met een doorn. Die gaten was bijna doorgefreet. Hij zei aan KOOT, hij moet ter degen keijken, en steek het altoos doot.” ⁴⁾ Gedurig steek die dagboekskrywer die draak met BOTHA, lag hom uit omdat hy so 'n slegte skut is, noem hom in skerts „ouwe Botha” terwyl hy nog maar neën-en-dertig jaar oud was toe hy in April 1838 in Delagoabaai oorlede is. Maar dit is eintlik die bywoner IZAAK ALBACH, wat die harlekyn van die trek is en tog ons medelyde opwek, as hy by die leier kom klae

¹⁾ *Dagboek* p. 109.

²⁾ Vgl. Herinneringen van KAREL TRICHARDT, in PRELLER: *Voor-trekkermense* II p. 1 en vlgg. *Sketse en Opstelle* p. 73 en vlg..

³⁾ *Dagboek* p. 55, 87—89, 117.

⁴⁾ *Dagboek* p. 104.

„dat hij verstoten werd van alle.”¹⁾ Hy het hom vir 'n Fransman uitgegee, onder NAPOLEON gedien en aan die Kaap 'n baster-familie verwek, wat hoe hulle hul ook al eenkant gehou het op die trek, telkens aanleiding gee tot stoornis en ergernis onder die blankes sowel as onder die Boesmans. Sy gebroke Hollands word spottenderwyse onophoudelik nageboots in die Dagboek. As die tien osse, wat die ongelukkige BOTHA op die jag gehad het, uitbly, waaronder die enigste een van ALBACH en al drie van ANTJE SCHEEPERS, vind die volgende gesprek plaas:²⁾

„Algmate CAROL, mijn eenige os wek.
Hoe dan, ouwe IZAAK

Die hos ouwe HINDREK gister uit span het is alle kaar wek, nou kister ik kom daare bij ou HENDRIK ikke vraa ISAAK waar de os; ikke wel somar stuur ISAAK hy moet loop kijk de hos. Owe HENDERIK ze, DIRERIK was myn jonke, hy had niet slaap en de huis van nak.”

Die weduwee ANTJE SCHEEPERS is een van die interessantste vroue van die trek. ALBACH se ondervindings met weduwees het hom vroeër 'n „verdom vransman” en „die bees-stok ater schouw-blat” besorg³⁾, maar teenoor hierdie kranige vrou koester iedere man die grootste respek en staan haar orals by in haar versorging van haar nege kinders. Sy kan hul darem self in toom hou, deins nie daarvoor terug nie „om haar grootste kinderen eider een pak slagen te geven”⁴⁾ as hulle parmantig teenoor haar is en sorg dat die jongeres op skool bly om die eerste beginsels van onderwys te ontvang.

Die sewentigjarige skoolmeester, DANIEL PFEFFER, het sy hande vol gehad, eers met die optrek van 'n skoolgeboutjie en daarna met die onderrig, nie alleen van 'n twintigtal kinders nie, maar ook van volwassenes soos BREGGIE PRETORIUS, wat saam met haar twee kinders les gekry het. LOUIS TRIGARDT

¹⁾ *Dagboek* p. 49.

²⁾ *Dagboek* p. 96—97, (d.i. DIDERIK het nie vannag in die huis geslaap nie).

³⁾ *Dagboek* p. 124.

⁴⁾ *Dagboek* p. 69.

is die skrywer, by wie daar die drang is om in sy dagboek op te gaan, die skoolmeester, die man van die praktyk. PFEFFER was 'n baastuinier, vind dit „hier bedorven en daar bedorven” as die oneerlike Strydom, die bywonertipe, „zes mielies, zes komkommers en tien geele wortels” vir hom uit die tuin meebring en hy agteraf moet hoor dat Strydom die Kaffer nie minder as ag mielies gegee het nie. „Zei de ouwe, Dieven willen zy niet weesen en steelen ken zy niet laten!”¹⁾

In April 1837 open hy sy skool op Rietvlei, die geboutjie waarvoor PIETA met soveel ywer hout aangesleep het en dekgoed laat sny het; in Junie van dieselfde jaar is hul aan Dorenrivier en „de morgen heb ouwe DANIEL de kinders weer weer in de school gezit.”²⁾ In sy hoë ouderdom is die goeie stille onderwyser nog 'n hartstogtelike jagter³⁾ en hy maak die hele lang vermoeiende tog mee tot in Lourenço Marques, waar die koors hom in sy ag-en-sewentigste jaar afmaai. Die man, wat die trekkers van analfabetisme bewaar het, wat hul 'n beskawing bygebring het, hoe primitief ook al, wat hul in staat gestel het om 'n hoë sedelikheid onderling en teenoor die omringende Kafferstamme te handhaaf, was so sleg bedeed van aardse goedere, dat TRIGARDT vir sy begrafnis moes betaal:

„Ik liet hem begraven, en betaalde zyn begrafenis. Ik kon niet doen wat ik wou, wand mijn vrouw was zoo sleg die morgen, dat wij niet dagte dat zij de avond zien zouw.”⁴⁾

Vier dae ná hul aankoms in die Portugese stad, op 13 April 1838, ná 'n trek van ag maande uit Soutpansberg het TRIGARDT se vrou, drie kinders en DANIEL PFEFFER, gelyk siek geword. Die wolke het vinnig om sy kop saamgepak. Op 1 Mei staan hy voor die sterfbed van sy „lieve vrouw”. Die stoere voortrekker, wat vir geen gevaar teruggedeins het nie, wat met onfeilbare intuïsie, byna sonder kommentaar

¹⁾ *Dagboek* p. 57.

²⁾ *Dagboek* p. 123.

³⁾ *Dagboek* p. 174.

⁴⁾ *Dagboek* p. 358.

oor sy moeilikhede, ¹⁾ sy trek van nege waens en swaar kuddes veilig oor die verskrikkinge van die Drakensberge gelei het, die man wat as 'n vaderlike regter sy gemeenskap gestraf het, waar dit nodig was, wat veertien maal in die loop van 'n paar dae die groot Olifantrsvier deurgetrek het, sy mense gehelp en getroos het in tye van siekte en nood, snik soos 'n hulplose by die afskeid van sy lewensgesellin. Maar ook in sy grootste smart bly hy waardig; ons leef die hele smartvolle dag met hom mee en die slot van sy *Dagboek* bring die oortuiging vir wie nog nie oortuig is nie, dat die werk van 'n eenvoudige boer tot ons klassieke behoort: ²⁾)

„De morgen toen de haan kraaij stond ik op, om te zien of ik niet eits te horen kon komen hoe mijn lieve vrouw gesteld mag wesen, maar dat was alles stil in de huis; ging ik weer leggen. Maar kon niet slapen, is ik weer op gestaan met de tweede hane kraaij, was het nog niet dag; heb ik met ongedult de tyd af gewagt dat de jufr. haar deur open mog maken. Ik stuurde CAROLUS om aan te kloppen en na zijn moeder haar toestand te vernemen. Hy kwam terug, en zei dat zijn moeder redelik is maar zeer swak. Ik ging ten eersten na haar kamer, en zei haar Goede morgen. Zij sprak zoo sag dat ik bijna niet verstaan kon wat zij zei! Ik vraag haar, of mijn lieve vrouwe mijn kende; zij antwoorde, of zij mijn dan niet kennen zouw. Maar zoo belemmert dat ik bijna niet verstaan kon wat zij sprak. Toen zag ik dat mijn gevoelen maar al te waar gegrond was! Dat ik haar niet weer met gezondheid zien zouw! Van die ogenblik nam de droefheid zodanig de overhand op mijn, dat ik niet wis wat ik deet of spreken zouw. De Kinders weende met mijn, het welk mijn nog meer en meer mijn beswaarde gemoed bedroefde. Ik nam afschijd van haar voor dit leven, maar dagte haar in de huis des hemelschen Vaders weer te zien, en klaagte bij Hem niet, maar bid dat hij mijn tot hulp mag komen. De wille des Heeren moet geschieden, en alle ons moeite en sorg was te vergeefs. Omtrind elf uur nam de Allemachtige God haar weg!

¹⁾ Vgl. FULLER: *Louis Trigardt's trek* p. 40. Daarom was dit so moeilik om sy roete vas te stel.

²⁾ *Dagboek* p. 367—369.

Met vaste vertrouwen in..... ik ben! ¹⁾ Dat mijn waarde en teer beminde lijf een salige verwisseling gedaan heb. Egter ken ik mijn niet troosten. De droefheid overstelp mijn zodanig, dat ik bijna buiten mijn kennis raakte. De heer en juf. trooste mijn, maar voor mijn is geen troos op aarde.

Ik had CAROLUS een kis laate maken voor haar doot, toen ik zag dat daar voor haar wynig hoop was. De avond was het klaar. JAN PRETORIUS had de volk late versoeken hem te helpen. Mijn Liefste en Dierbaar pand wierd van mijn voor Eewig genomen.”

Vir haar plesier is die boek geskrywe, 'n dagboek wat loop oor die tydvak van 31 Julie 1836 tot 13 Januarie 1837 en byna sonder onderbreking van 25 Januarie tot die dag van haar dood. ²⁾ Ander motiewe kon in die spel gewees het; daar was nl. by hom die drang om te skrywe, hy kon gedink het aan die rapport wat hy later by generaal POTGIETER sou wou indien, aan 'n soort van rekening-koerant om die aanwas en vermindering van sy vee en dié van sy kinders, die opbrengs van ivoor en huide by te hou, maar langsamerhand het dit deur die bemoediging van sy vrou en sy eie skryflus aangegroei tot 'n omvangryke kroniek van huislike gebeurtenissies waarin sy behae geskep het. Daar hul geen ander lektuur as die Bybel en miskien 'n gesangbundel in hul besit gehad het nie, wat PFEFFER bo-op as teksboek daagliks gebruik, is dit begryplik dat die humoristiese opmerkinge, die spot en kritiek, die rake tekeninge 'n bron van blywende genot vir haar moes gewees het, waarop sy telkens kon terug kom.

Met haar dood is alle entoesiasme vir sy „boek” geblus, 'n werk wat nooit vir die pers bestem was nie, al meen die skrywer terloops om deur middel daarvan „aan mijn Natie te zeggen wie van haar (Kafferkapiteins) goed of sleg is.” ³⁾ Soos 'n tweede HUYGENS slaan hy sy Dagwerk dig, teken nog slegs op 10 Augustus 'n enkele sinnetjie aan — „had ik een stille verjaarsdag, dog zal daaraan gedenken” ⁴⁾ — en voor

¹⁾ Die Handskrif onleesbaar.

²⁾ Vgl. G. S. PRELLER: *Sketse en Opstelle* p. 16.

³⁾ *Dagboek* p. 309.

⁴⁾ *Dagboek* p. 369.

die end van die jaar word hy naas sy vrou en die manne van sy trek onder die wilde vyeboom begrawe toe nog net 'n paar vroue en weeskinders sy heengaan kon betreur. Dié keer daarvandaan oorsee na Natal en die beskawing terug met die hulp van hul landgenote. Die ontroerende skoonheid van hierdie verhaal, die Ilias van lyding, word verhoog en verdiep deur die eenvoud van taal en styl. Sonder oordrywing is dit die Afrikaanse *Pepys' Diary* van die Trek genoem; „het is selfs beter geschreven dan dat werk.”¹⁾

Die eerste uittoeg oor die Vaalrivier het op 'n jammerlike mislukking uitgeloop wat die stigting van 'n onafhanklike staat betref. Maar hulle was baanbrekers op die weg na die noorde en in hul voetspoor het POTGIETER en MARITZ in 1839 gevolg toe die toestand in die kolonie onhoudbaar word. Die resultaat van die sendingbedrywigheid van die Londense Genootskap was, dat die Minister van Kolonies, lord GLENELG, in die jare 1835—1838 'n naturellepolitiek gevoer het, wat op soveel ontevredenheid uitgeloop het dat „de keur der Grensboeren”²⁾ besluit om die kolonie met sy Engelse bestuur, wat hul geen beskerming aanbied nie en verbied dat hulle hul op die manier sou beskerm, te verlaat.

3. ERASMUS SMIT, 'N MISKENDE KULTUURDRAER.

Toe die emigrante op die punt staan om die Kolonie te verlaat, het hulle moeite gedoen om 'n predikant mee te kry, maar sonder sukses.³⁾ Op versoek van die owerheid het sommige predikante teen die „uitgewekenen” te keer gegaan en selfs geweier om die kinders van die trekkers in die verbygaan noordwaarts te doop.⁴⁾ Groepsgewyse is die trekkers

¹⁾ Vgl. Dr. G. BESSELAAR: *Zuid-Afrika in de Letterkunde*, p. 61.

²⁾ Vgl. Dr. J. W. LEYDS: *De Eerste Annexatie van Transvaal* (1906) p. 21—48. Hy haal sir BENJAMIN D'URBAN se beskrywing van die Voortrekkers aan: „een dapper, geduldig, vlijtig, ordelijk en godsdienstig volk, de ontginners, de verdedigers, en de belasting betalers van het land, de keur der Grensboeren.”

³⁾ Vgl. J. C. CHASE: *Natal Papers* Vol. I p. 93. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. van de Ned. Herv. Kerk* Dl. I p. 18.

⁴⁾ Vgl. G. S. PRELLER: *Piet Retief* (1912) p. 65—66.

uit die Kolonie uit. TRIGARDT en VAN RENSBURG was reeds ver in die noorde toe die laers van HENDRIK POTGIETER en GERT MARITZ volg om op die Vrystaatse hoëveld voorloopig tot stilstand te kom. In April 1837 het PIET RETIEF hom daar by hul aangesluit. Toe hulle geen predikant kon saamkry nie, het GERT MARITZ besluit om sy swaer ERASMUS SMIT,¹⁾ 'n ongeordende sendeling as leraar mee te neem. Hy word dan die skrywer, die vernaamste kultuurdraer van die nomadiese groep, sy reisende gemeente. Aan behoorlike ordening is in die dae veel gewig geheg en daarom wou die verskillende trekkers veral van die party van POTGIETER hom nie as predikant erken nie en het liever na die diens van die Wesleyaanse sendeling ARCHIBELL wat op Thaba 'Nchu sy sendingpos gehad het, gegaan. ARCHIBELL het selfs in die laer van POTGIETER kom preek, iets wat SMIT so gegrief en ontmoedig het dat hy daaraan gedink het om nie verder na die beloofde land te worstel nie maar terug te keer na die vleespotte van Egipte. Al die persoonlike smaad en hoon hom aangedaan, die hele lydengeschiedenis van die Groot Trek, 'n kykie binne-in die laers, binne-in die tentwaens, binne-in die harte van die baanbrekers word ons gegee in die *Dagboek* van die sendeling-skrywer, 'n werk wat tot die grootste skatte van ons trekkers-geskrifte kan gereken word.

ERASMUS SMIT is in Amsterdam gebore. Toe hy 'n jaar oud was, is sy moeder oorlede en in sy agste jaar vertrek sy vader as onderstuurman na Oos-Indië en ERASMUS word saam met die kinders van ander seevarende wewenaars in die Aalmoezeniers-weeshuis in Amsterdam geplaas. As jong seun het hy die Franse oorlogstroepe op 19 Januarie 1795 deur die Leidse poort sien binnemarsjeer en jare later, in die skroeiende

¹⁾ Vgl. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. Herv. K.* Dl. I p. 19. Vgl. ook E. F. KRUYF: *Geschiedenis van het Nederl. Zendelingengenootschap*, 1802, p. 71—81. Ander lewensbesonderhede ontleen aan *De Kerkbode* 1863, Junie en Julie 1918, aan prof. J. DU PLESSIS: *A History of Christian missions in South Africa* p. 270, en PRELLER: *Voortrekkermense* II, p. 54 en vlgg. Artikels van J. BOSHOFF in *The Grahamstown Journal*, 2 Aug. 1838 herdruk in *Meditator* 21 Aug., 4 Sept., 11 Sept 1838 en in *Lees-Vruchten*, Dl. II 1837 pp. 329—357 is ook geraadpleeg.

hitte van die Vrystaatse vlaktes herinner hy hom nog hoe „de soldaten waren genoegzaam zonder klederen, hoeden en schoenen en dat in 't midden van 'n barre, strenge, koude winter. Alleen waren de soldaten met 'n oude vuile kombaars om 't naakte lijf omhangen; en hadden 'n stuk rauw vlees en brood op de spits van hunne gewesbajonet gestoken; 't welk 'n akelig gezicht was voor onze beschaafde en rijke wereldstad.”¹⁾ Die Aalmoezeniers-weeshuis het hom versorg tot 1801 toe hy dit verlaat om sendeling te word. Die „Nederlandsche Zendingen genootskap” het hom opgelei en op 5 September 1802 neem hy van hulle plegtig afskeid met die plan om in Suid-Afrika onder die heidene te gaan werk. Sy inseëning het in die maandelikse byeenkoms van die genootskap plaasgevind, maar dit het geen reg tot die bediening van die sakramente gegee nie. In September 1802 het die eerste drie sendelinge van die Nederlandse Genootskap, SMIT, EECKHOUT, en ROESTEEN in Texel aan boord gegaan. Maar dit word Oktober 1804 voor SMIT eindelijk in die Kaap land. In sy *Dagboek* teken hy die rede hiervoor aan op Woensdag 20 September 1837:

„Deze dag herinnerde mij, dat 't nu 36 jaar is, sedert ik van de rede van Texel in zee stak, met 't schip de Zeenimf gevoerd door de schipper CORNELIS KOTER, om naar de Kaap de Goede Hoop te zeilen; waar ik, na 'n lange reis, op de 16e October 1804 in de baai Vals, met mijn 4e schip laatst uit Nieuw York, Noord Amerika gezeild, van 250 man alleen behouden aankwam.”

Deur swaar storms het die skip in Amerika tereggekom waar die ander twee sendelinge agtergebly het. Die verskrikking van die storm het hom altyd bygebly maar op die trek het hy nog erger Afrikaanse storms beleef wat hom laat getuig:²⁾

„Ik heb nooit in mijn leven op aarde zulke zware, aanhoudende en hardklaterende donderslagen gehoord. Op mijn tweejarige seereis in 1802 en 1803 heb ik, aan

¹⁾ *Dagboek* in dato 19 Jan. 1837.

²⁾ *Dagboek* in dato 25 Oktober 1837.

de westkust van Afrika, wel zware donder gehoord; maar niet zo vreselik geducht hard en lang aanhoudend, als heden een uur van de Drakansberg, zijnde in Zuidoost-Afrika.”

In die Kaap het sy moeilikhede dadelik begin, daar hy nie georden was nie, met die gevolg dat hy verbied word om godsdiensoefeninge te hou. Onderwyl het die Kaap vir die tweede maal in Engelse hande oorgegaan en in 1814 tree hy, die eerste Hollandse sendeling van die Nederlandse genootskap, in diens van die Londense Sendinggenootskap, gaan werk onder die Boesmans op Genadendal en van 1822 af onder die Hottentotte op Stellenbosch. In 1825 hoor ons dat hy aangestel is as onderwyser in die skool vir slawe-kindere ¹⁾ daar, maar hy raak in geldelike moeilikhede en is verplig om in 1830 die taak van verkondiger van die Evangelie aan die swart kreature te verwissel vir dié van huisonderwyser op Olifantshoek (Alexandria) vir die kindere van sy aangenome volk, wat van haas alle voorregte van onderwys verstoke was.

SMIT het in die huwelik getree met SUSANNA CATHARINA MARITZ wat nie minder as twintig jaar jonger as haar man was nie, 'n trekkeresellin, wat hom as onderwyseres bygestaan het op Olifantshoek sowel as op reis en by die opstel van die dagboek, die verrigting van sy skryfwerk dieselfde aanmoediging en nog meer hulp kon verleen het as MARTHA BOUWER aan LOUIS TRIGARDT. Die *Dagboek* ²⁾ getuig van hul omswerwing van November 1836 tot 31 Januarie 1839, wanneer hul in Pietermaritzburg tot stilstand kom en die moedige twee ou Voortrekkere die pen neerlê in die hoop en verwagting dat hulle die beloofde land deelagtig geword het. Daaruit konkludeer ons dat hy sy pligte getrou vervul het, Sondags tweemaal gepreek en katkesasie gehou het vir die jongmense. Twee waens naas mekaar getrek en met 'n seil daaroor gespan, het as kerkgebou vir hierdie trekkende gemeente gedien. Eentonig is dan ook die opsomming van al die tekste met die punt-

¹⁾ Vgl. *The Cape Town Gazette and African Advertiser*, 7 Okt. 1825.

²⁾ Die eerste gedeelte van die *Dagboek* is verlore gegaan.

verdeling waaroor hy telkemale preek,¹⁾ dor die boek der kronieke wat die kerklike verrigtinge betref, „maar in zijn ongekunsteldheid is het boek aangrijpend van een ernst, die aan tragedie grenst.”²⁾ Hier het ons 'n deurleefde beskrywing van wat daar gedurende die gedenkwaardigste, mees romantiese periode van ons geskiedenis voorgeval het, 'n tekening van die groot Voortrekkers, PIET RETIEF, POTGIETER, MARITZ, SAREL CELLIERS ens. deur 'n man wat van hul alles te hoop en te vrees gehad het. Eersgenoemde veral was die beskermheer van SMIT en geniet die meeste aandag van die skrywer. Toe PIET RETIEF hom in 1837 by die laer van MARITZ voeg en gekies word tot algemene leier met die titel van „gouverneur” wou hy SMIT as vaste predikant met 'n vaste salaris aanstel. Vir die plegtige voorstelling het SMIT 'n inwydings-predikatie voorberei en dit ook gehou maar die bevestiging moes 'n maand uitgestel word weens „een groote onstichtelike beweging in de kerk.” As hy 'n maand later self die formule gelees het, homself die gewone vrae stel, RETIEF hom voorgestel het aan die gemeente, weier SAREL CELLIERS en sy aanhangers om hom te erken as hul dominee. En met die dood van RETIEF verloor hy sy grootste steun. Dan gaan dit met hom *decrescendo*. Wanneer 'n groot figuur soos TRIGARDT met die wêreld rondom in botsing kom, wanneer hy geen vorm en uiting vir sy innerlike gawe kan vind nie, ontstaan daar tragiese spanning. Maar spanning en die tragiese ontstaan ook wanneer 'n middelmatige of selfs swak natuur soos SMIT verantwoording op hom moet neem, wat hom neerdruk en sy rus verstoer. Die geniale mens word groter en sterker deur sy noodlot, die middelmatige wil rustig en in die skaduwee bly, hy wil geen felbewoë lewe nie, hy is bang vir die leed en as dit hom van buite af opgelê word, ly hy nog verskrikliker dan die groot tragiese held wat sy verdriet in sy werk kan omsit. So is die lewe van

¹⁾ In die Inleiding sê ds. SCHOON: In die uittreksel uit het *Dagboek* heb ik achterwege gelaten alles, wat mij toescheen van weinig belang voor 't publiek te zijn: zoo heb ik b.v., om iets te noemen, menige Godsdientsoefening, Doopsbediening, Huweliksvoltrekking, en wat dies meer zij, overgeslagen; opdat 't boek niet te eentonig zou worden.”

²⁾ Vgl. BESSELAAR: *Z.A. in de Ltk.* p. 62.

ERASMUS SMIT een van die sprekendste voorbeelde uit ons geskiedenis van die middelmatige mens wat deur 'n onsigbare hand bo sy middelmatigheid gestoot word. Hy is geen held vir 'n roman nie, in gevaar slaan hy dikwels 'n swak figuur naas die onverskrokkendheid van MARITZ en RETIEF, hy is agterdochtig teen die Engelse sendelinge, miskien tereg, teen SAREL CILLIERS ook waar daar geen belediging bedoel is nie, want die omdoling in „de woestijn” het vir hom ontberinge en angs en verdriet gebring waarvoor hy nie in die wieg gelê is nie.

Soos TRIGARDT vol is van PIETA, so styg daar uit die Dagboek van SMIT 'n beeld op van „mijn zoon SALOMON”. Af en toe hoor ons dat daar 'n brief verstuur is, of een aangekom het van die oudste seun GEORGE, wat in Uitenhage agtergebly het en daar getroud is. Hierdie berigte na lange tussenpose is vir die ouers altyd „zeer verblijdend in deze tans bedroevende woestijn van Afrika”, ¹⁾ maar hul trots, hul hulp en steun is SALOMON. Nêrens is die dagboekhouer simpatieker as in sy vaders trots en vaderliefde. Die behoue gedeelte van die Dagboek open met 'n mededeling dat SALOMON met byle en sae uitgery het om brandhout te haal waaraan daar altyd skaarste op die wye vlaktes was. ²⁾ As daar kruit moet gemaak word „waar ook onze SALOMON meester in is”, ³⁾ kyk die vader die bedrywigheid met genoeg aan, maar as die seun op 'n patrollie gekommandeer word om ondersoek by 'n Boesmankraal in te stel na gestole perde, leef hy in die grootste angs en spanning tot die volgende dag, tot hy kan opteken „heden tegen de avond kwam onze lieve SALOMON, God zij dank! met de patrolje weer by onze wagens in welstand tot onze vreugde thuis.” ⁴⁾ 'n Week later weier hy beslis om SALOMON op die kommando teen OEMZILIKATS te laat gaan en beweeg hemel en aarde om hom van die lys af te skraap tot hy daarin slaag, tot ontevredenheid van die seun, wat graag met sy oom op

¹⁾ *Dagboek* in dato 15 April 1838. Vgl. ook 27 Nov. 1836, 22 Jan. 1837, 10 Maart 1838.

²⁾ *Dagboek* in dato 14 Nov. 1836.

³⁾ *Dagboek* in dato 6 Dec. 1836.

⁴⁾ *Dagboek* in dato 18 en 19 Dec. 1836.